# PRO VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA — CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang I. Nr. 10 — Intekengeld R2 Subscription — Febr. 15 Febr. 1963 — Volume I. No. 10

*By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*


IN HIERDIE UITGAWE/IN THIS ISSUE


★ RAS EN REALITEIT II ... 1
★ ANGLICANS AND METHODISTS ... 1
★ EDITORIAL/REDAKSIONEEL ... 3
★ OORDENKING ... 3
★ STUTTERHEIM CONFERENCE ... 4
★ VATIKAANSE KONSILIE ... 5
★ KERK EN WêRELD III ... 6
★ SIENSWYSE VAN LESERS ... 6 en 7
★ GELOOF EN VOORTBESTAAN ... 7
★ UIT EEN ... 8
★ BOEKBESKOUING ... 8


# RAS EN REALITEIT


**Prof. J. C. G. Kotzé.**


## II. Die volwasse verwerking van rasse-realiteite.

Die mens is elke dag met realiteite in die lewe besig. Daardie dinge wat net is soos hulle is. Soms is hulle aangenaam, soms pynlik. En gelukkig is die mens wat genade het om dié dinge te neem soos hulle kom, en hulle só te verwerk, dat hulle altyd weer materiaal word vir die vorming en uitbouing van 'n eie rype persoonlikheid. Want realiteite kan ons verongeluk. Die prettige kan ons verwen, die kwade en pynlike kan ons verongeluk.

Om met sulke lewensrealiteite nugter en oorwinnend te werk te gaan, is egter nie gemaklik nie. Dit sny soms so diep en stel dikwels sulke radikale eise, dat mense daarvoor vlug. **Ontvlugting is egter nooit oorwinning nie.** Want hulle is net daar in die lewe. **Tensy ons hulle verwerk tot nuttige materiaal en inbou in die lewe, werk hulle onbewus afbreking en verstarring. Want die onverwerkte realiteit het ons nie ontvlug nie, maar net as vreemde materiaal êrens in die onbewuste weggeskuiwe. Daar werk dit gestadige dood van een of ander aspek van ons persoonlikheid.**

Sulke gevaarlike ontvlugtinge van realiteite in die lewe kan geskied, nie slegs in die lewe van die individu nie, ook 'n volk en nasie kan in so 'n toestand kom. Want ook op hierdie gemeenskaplike vlak kom ons dikwels voor situasies te staan, wat sulke insnydende eise stel, dat dit bitter moeilik gaan om hulle in die lewe van die nasie oorwinnend in te bou. Veral in ons dag met al sy snelle ontwikkelinge, botsende motiewe en belange asook leuenagtige verdraaiing van waarheid, stel die verwerking van realiteite ontsaglike eise aan staatsmanne, nasies, die Kerk en individue. In hoeverre sy politieke standpunt juis is, is dit nie vir my om te oordeel nie, maar oor die regte verwerking van sulke moeilike realiteite van die lewe het President Charles de Gaulle onlangs 'n baie treffende ding gesê. Ek lees in die **Daily Telegraph** (17 Januarie 1963) dat hy gesê het: "When anyone tries to point out the truth, this always causes a reaction... In the world today there is a kind of universal agreement to ignore realities, that they should never become apparent, but that they should be carefully disguised... But one cannot build a real policy while ignoring reality and truth."

### *Die Grootste Politieke Probleem*

**Dit lyk my, as mens let op die invloed wat dit op die politieke rigting van die wêreld vandag het, of Ralph McGill dit reg sien as hy skryf: "The racial issue is the greatest political issue before the world today, and so it is for Christianity."** Vir Suid-Afrika, **altans, het hierdie realiteit 'n eksistensiële karakter aangeneem. In hierdie veelrassige nasie is daar op die oomblik geen staatkundige, politieke, sosiale en kerklike realiteit, wat om meer nugtere verwerking roep nie. Ons het geen probleem waaraan al die groepe van die nasie meer realisties en verdraagsaam moet saamwerk nie, dan juis hierdie medemenslike situasie.**

Maar wat vind mens as jy die landstoneel in die perspektief van die buitewêreld bekyk. Die ontstellende is, helaas, dat daar soveel tekens van **ontvlugting in plaas van werklike gemeenskaplike verwerking** is. Twee dinge ontstel mens hier, die een is dat Suid-Afrika met sy eerlike poging, en dit glo ek met my hele hart, so **totaal alleen** in sy benadering van die probleem in die wêreld staan. En ek kan my vir geen enkele oomblik met die idee vereenselwig, **dat dit vir ons geen saak maak nie.** Om alleen te staan in 'n stryd kan die pragtige ding van dapperheid openbaar, maar om te **ignoreer asof van minder belang, dat jy alleen staan in die stryd van so 'n wêreldformaat, is om van 'n deug 'n ondeug te maak.** Dan is dit 'n pragtige voorbeeld van **verdringing van 'n realiteit** in plaas van verwerking. Ons is net eenvoudig deel van die wêreld. **En die** feit dat ons deur informasie, gesantskappe, ensomeer, probeer om die besmoontlike handelsbetrekkinge te kry, is bewys van ons erkenning, **dat ons in hierdie wêreld nie geïsoleerd kan leef nie.** Wel word mens geroep om dikwels alleen te staan, omdat jy oor informasie van die situasie beskik, wat andere nie het nie. Of ook omdat andere inderdaad mistas. Maar dit word onrealisties en gevaarlik as so 'n situasie vir jou **onbelangrik** is. Om wat die wêreld daarbuite op dié onderhawige punt vandag dink, alles te brandmerk as „sieklike kleur-sentimentaliteit" is die toppunt van **verdringing** in plaas van **verwerking** van 'n aaklige realiteit. Want fundamenteel in daardie buitewêreld-benadering vandag is nie die gedoente in die V.V.O. nie. Die feit is dat onder die andersdenkendes daar ook die vele gesaghebbende kenners op die gebied is. Persoonlik het ek in drie lande gedurende sewe maande die **welmenendste vriende** van Suid-Afrika aangetref, wat **in beginsel** (terwyl hulle ons praktiese situasie heelhartig toestem) **radikaal van ons verskil.** Onder hulle tel o.a. vakkundige gesaghebbendes, sowel teologies as andersins. Moet ons ons losmaak van al dié persone se oortuigings as eenvoudig „**sieklik, sentimenteel, onbelangrik?**" Vra my vir 'n voorbeeld van **verdringing in plaas van verwerking van realiteit, dan verwys** ek u na hierdie geestesgesteldheid en onvolwasse optree.

### *Die spraakverwarring in eie geledere*

Die ander probleem, wat vir ons huidige situasie gevaarlik is, is die spraakverwarring in ons eie geledere. Dit moet ons groter erns word, dat Suid-Afrika soveel elemente in sy nasie insluit, **wat net eenvoudig mekaar op gebied van sy mees fundamentele en gevaarlike probleme nie kan vind nie.** En ek wil dit tog net weer duidelik stel — wanneer in hierdie skrywe van **nasie** gespreek word, gaan dit hoegenaamd nie om die blanke alleen nie. Want dit is nie waar nie. **Ons** het die onloënbare realiteit hier dat ons 'n nasie is uit veelrassige elemente saamgestel. Hoe meer realisties ons ons aan hierdie feit gewen, hoe beter sal ons die realiteit verwerk. Nooit het Suid-Afrika voor 'n situasie gestaan waarin hy die medewerking van alle elemente van die nasie meer behoef het nie. Dink daaraan — in vorige krisistye het dit gegaan om die stryd van verskillende volke en **rasse-groepe** om 'n eie staanplek hier te verseker. **Vandag het die probleem radikaal anders** geword. **Nou staan ons nie voor die vraag oor watter een van die historiese groepe die oorhand moet kry niet. Dit was nog gemaklik. Nou gaan dit om die veel dieper, mooier maar ook moeiliker realiteit van die probleem hoedat al die elemente van veelrassige Suid-Afrika in 'n vreedsame nasie-verhouding voorspoedig en gelukkig kan saam-**


● Vervolg op bladsy 2


HIERDIE IS DIE TWEEDE VAN 'N REEKS ARTIKELS VAN DIE HAND VAN PROF. J. C. G. KOTZÉ VAN DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL VAN DIE NED. GEREF. KERK TE STELLENBOSCH. DIE ONDERHOOF BY DIE EERSTE ARTIKEL IN DIE REEKS: **RAS EN REALITEIT** HET ONGELUKKIG UITGEVAL. EN MOES LEES: **RAS EN REALITEIT. I WêRELD-ILLUSIES RONDOM DIE KLEURVRAAGSTUK.**

# *ANGLICANS AND METHODISTS*


Dr. D. G. L. Cragg *)


**In origin the Anglican and Methodist Churches are closely linked but historically they have drifted far apart, especially in South Africa with its "High Church" Anglicanism and predominantly "Low Church" Methodism. It is therefore very gratifying that informal conversations have been started on the initiative of the Church of the Province. It is pointless to dodge the wideness of our differences and to pretend that re-union is just around the corner. This article has the rather negative purpose of spotlighting some of the difficulties which must be faced.**

One effective barrier to re-union is the assumption of some Anglicans (by no means all) that Methodism is something less than a Church, and that it was led into schism by a hotheaded rebel. This cannot stand historical scrutiny. Wesley lived and died as a priest of the Church of England and that Church is largely to blame for the separate existence of Methodism. Wesley's evangelical preaching was not generally welcomed in the Church and in the early days of the revival he was denied access to her pulpits and forced to breach in the open air. Perhaps this was in the providence of God, for it brought the Gospel to the working classes who were untouched by the Church of England with its unwieldy parish system. It is nevertheless a sad reflection on contemporary Anglicanism. The responce of the working classes contained within itself the seeds of separation. Wesley formed Societies within the Church of England and wanted his followers to receive the Sacrament in their parish churches. Many of them were uncomfortable and unwelcome and separation became inevitable for social reasons. For this, both sides must bear the blame.

At first sight Wesley's un-


● To page 2

# RAS EN REALITEIT (Vervolg)

● Van bladsy 1

woon. Met ander woorde, ons is met 'n realiteit besig wat verwerk kan word, **nie deur die oorwinning van een groep oor die ander soos in die verlede nie,** nee net die teenoorgestelde is die probleem wat ons geroep word om in hierdie twintigste eeu op te los. Ons almal se toekoms hang daarvan af. **Ons probleem is hoe dat die verskillende elemente of groepe van ons nasie mekaar inderdaad kan vind, aanvaar, verstaan en aanvul in die vreedsame band van gemeenskaplike liefde vir mekaar omdat ons almal dieselfde Vaderland hartstogtelik liefhet en wil bou.**

### *Realiteit van Nasiewording*

Wat is, met ander woorde, die realiteit wat Suid-Afrika vandag geroep word om te verwerk? Daar is tog geen twyfel hier moontlik nie. **Dit is die nasiewording van die uiteenlopende rassegroepe en volkere. Hulle moet mekaar vind en verstaan.** Die verwerking van hierdie probleem en realiteit kan derhalwe net op een manier geskied — **die groepe moet mekaar vind en saamwerk.** En die **saamwerk** sal miskien in die begin hoegenaamd nie **saam stem** beteken nie. Maar daarom juis is hulle nie besig om volwasse die probleem aan te pak, as hulle vanweë verskille, mekaar beveg, verdoem, en bymekaar verby lewe. Dit alles is nie **verwerking,** maar **verdringing** van die probleem. Want so is hulle juis **nie besig met die probleem nie. Saamwerk** sal dus beteken dat hulle saam met die **feite,** losgemaak van emosie, vooroordele en partyskappe, gaan worstel. En in so 'n gemeenskaplike arbeid kan dit nie anders as dat hulle tot **wesenlike realiteit** sal kom. En weer sal die waarheid **vrymaak en saambind.** Kan dit nie juis die begin van die gemeenskaplike verwerking van ons gemeenskaplike probleem wees nie?

Natuurlik is dit die moeilikste weg! Verreweg die maklikste ding is om mekaar te beveg! Dit juis lê in die aard van die sondige mens se wese. Hier hoef hy niks prys te gee of homself te verloën nie. Inteendeel kan hy homself juis so handhaaf. Maar om saam te werk aan 'n realiteit, waaroor ons verskil, eis 'n prys — die offer van selfverloëning, verdraagsaamheid en liefde!

### *Balkonsitters — Ontvlugters*

Die aard van die realiteit wat ons hier geroep word om te verwerk is sodanig dat niemand kan los en afsydig staan nie. Balkonsitters is ontvlugters van realiteit, want hulle misluk om hulle aan die lewensituasie te gee. Die aard van ons probleem eis hier inteendeel dat al die elemente moet saamwerk. Die owerheid is daarmee intens besig. En of mense nou al saam stem of nie, die feit is dat een parlement na die ander bewys dat hier die teenwoordige moeilikste realiteit van ons nasie geleë is. Ons toekoms hang daarvan af of ons inderdaad sal slaag om **dit te verwerk.** Maar die owerheid is volgens sy oortuiging intens besig om met die probleem te worstel. En daarvoor is mens dankbaar. Maar weens die aard van die probleem kan die owerheid alleen dit net eenvoudig nie oplos nie. Wetgewing moet daar wees, maar kan nog nie die gemeenskaplike lewe van die verskillende groepe bewerkstellig nie. Hy kan slegs die orde daartoe reël. Die lewe moet die nasie self bou. Die kerk, die skool, die Universiteit, die verskillende groepe van ons nasie, ja elke individu het in **die** verwerking van hierdie realiteit 'n heilige roeping.

### *Individuele Verantwoordelikheid.*

**Die probleem bly egter nog gans te abstrak en onrealisties om dit slegs aan die arbeid van groepe te verbind. Hier is 'n gemeenskaplike realiteit, waarmee die individu elke dag gekonfronteer word. Want dit gaan hier ten diepste om medemenslike verhoudinge. Selfs wanneer wetmatig die probleem bewerk word, bly die fundamentele saak nog die persoonlike verhoudinge en ontmoetinge. Die werklike drama en eintlike verwerking of verdringing van die rasse-realiteit geskied daeliks in die ontmoeting van individue. Namate ons hier slaag om medemenslikheid en buurmanskap aan te kweek, vorder die verwerking van die probleem. Almal wat slaag om die medemens, afgesien van ras of kleur, inderdaad in die alledaagse lewe so te sien en te ontmoet, werk mee in die verwerking van ons grootste probleem. Daarin sal ons egter hopeloos faal tensy ons kleur as sodanig losmaak van allerlei waardes daaraan in die verlede geheg.**

As dit vir 'n radikale skeidsmuur, soos die Berlynse muur, gaan wees, dan is kleur sinoniem met 'n ander ideologie. En nie net 'n ander ideologie en kultuur nie, maar daarby ook 'n vyandige een. En so is dit tog nie onder ons nie. Waarom dan nie medemenslikheid teenoor mekaar beoefen nie. Soos dit op die oomblik staan, leef ons so onpersoonlik bymekaar verby, dat dit 'n gevaarlike atmosfeer skep. Dit bly by vreemdelingskap, onbekendheid met mekaar se probleme en behoeftes en gevolglik wantroue, om van innerlike geestesbotsing nie eens te praat nie.

### *Vermyding as bedreiging*

Hierdie ongekende en gedempte geestesbotsing kan baie gevaarliker wees as wat ons dit uitwendig openbaar sien. Die waarheid is onlangs by my baie ernstig tuisgebring deur 'n groot kenner se ontleding van die sogenaamde „geen geweld protes" van Martin Luther King. Daarmee wil hy en volgelinge voorgee dat hulle die witman „liefhet" en derhalwe geweld vermy. **Die feit is,** egter, dat hier 'n groot denkfout insluip. Liefde is nie noodwendig sinoniem met „geen geweld" nie. Inteendeel die feit is dat King e.s. hier 'n wapen of **middel** kies, waarlangs hulle 'n gemoedsgesteldheid wil uitdruk, en daarby so kragtig **uitdruk,** dat die witman dit net nie kan mis nie. Wat wil hulle uitdruk? Die „nie geweld protes" moet kanaal wees vir openlike verklaring van protes, ontevredenheid, bitterheid, selfs haat.

Wat sê dit vir ons? **Dat daar gevaarlike geestesmagte van wantroue, misverstand, onbekendheid en bitterheid kan wees, selfs waar daar „geen geweld" geopenbaar word.** En die wese van die verwerking van rasserealiteit moet juis gesien word in die bewerking van die geestestoestande. Maar kan dit beter geskied dan in die daelikse ontmoeting van individue? Hier moet ons mekaar leer ken, aanvaar en die onderlinge behoeftes, aspirasies en probleme help verwerk. Daarom mag ons nie bymekaar verby lewe nie. So vorder ons niks nie. Maar dit sal beteken dat kleur as sodanig by ons herwaardeer sal moet word. Wedersyds sal dit beteken, dat kleur, wit of swart, deur ons moet losgemaak word van kwade gesindhede en beoordeling. Alte dikwels word aan kleur as sodanig allerlei verkeerde waardes geheg. Solank dit gebeur, kan ons natuurlik vir die rasse-realiteit niks doen nie. Want dan is daar 'n muur wat ons net eenvoudig skei-geestelik skei sodat geen ontmoeting moontlik is nie, selfs nie eens waar ons daeliks langs dieselfde lewensterreine beweeg nie.

**Volwasse verwerking van ons moeilike rasse-realiteite lê, met ander woorde, nie in die eerste instansie op die intellektuele vlak nie. Hier kan ons allerlei wette passeer, ordereëlings opstel, mense in groepe regimenteer terwyl ons die hart van die saak nie raak nie. Die eerste kan in ons dae nie ontbreek nie, maar so is die saak nog nie verwerk nie. Dit lê veel dieper op die vlak van verhoudinge. Dis veral hier wat ons die realiteit van ras so graag en behendig ontvlug. Om hier waarlik oorwinnend op te tree eis geestelike en sielkundige volwassenheid. Daarby staan ons volgende maal stil.**

(Word vervolg.)

# Anglicans and Methodists [cont.]

● From page 1

authorised ordinations smack of rebellion. He had believed for many years that a presbyter had the right to ordain and in 1784 he exercised this supposed right by ordaining priests for America. This was followed by further ordinations for Scotland and England. However, Wesley only infringed church discipline on the grounds of pastoral necessity. The newly formed United States was almost without ministers and Wesley only acted after the Bishop of London had refused repeated requests to provide the necessary priests. If Wesley was at fault, so also was the Church which refused pastoral care on political grounds.

**Re-union will not be a case of Methodism returning to Canterbury, penitent for its rebellion. It will only be achieved when both Churches come together in mutual penitence and mutual respect, acknowledging each other as Churches used by God.**

### *Form of worship as Stumbling Block*

The most obvious difficulty from the layman's point of view is the form of worship. Methodists are wont to condemn liturgical worship as aridly formal; and many Anglicans regard Methodist informality as chaotic. But in many ways this obstacle is the least serious of all. The Methodist order of Holy Communion is almost identical to the office of 1662 and the Liturgical Movement is having some effect even in isolated South Africa. Moreover, it is generally agreed that there could be no uniformity of worship in a united Church. Freedom of form would be an essential and, if past experience is any guide, both traditions would benefit in the long run.

**The really serious stumbling block is the doctrine of the ministry. Anglicans lay great stress on episcopacy and the Apostolic Succession which link the ministry of today with the ministry of the Apostles and of Christ Himself. At the outset, Methodists insist that this is not laid down in the New Testament as the only legitimate form of church government. They also point to the "tunnel period" during which the succession is unproved. They agree, however, that by the end of the second century, episcopacy was universal.**

The Anglo-Catholic regards the Bishop as essential to the Church and therefore believes that all non-episcopal ministries are irregular. He is faced with the difficulty that God has obviously used these ministries to promote His work, and takes refuge in the idea of uncovenanted grace. This seems to mean that God has blessed such ministries of His free grace although He was not sacramentally bound to do so. Methodists find this conception amusing or irritating according to their mood.

On the other hand, Anglicans are not united on this issue. Some regard Bishops as a useful form of church government and the Apostolic Succession as a magnificent symbol of historical continuity. For them, episcopacy is useful but not essential.

Some Methodists object to Bishops on principle but the later position would prove acceptable to many. It is not impossible that the Methodist Church would accept an episcopal form of government, provided it did not involve the denial of our non-episcopal orders. Any ceremony of recommissioning would have to be very carefully drafted with this in view.

### *The priesthood of all believers*

Another problem is the Methodist interpretation of the priesthood of all believers. According to the Laws and Discipline, ministers "hold no priesthood differing in kind from that which is common to the Lord's people", and are set aside by ordination "for the sake of Church order and not because of any priestly virtue inherent in the office". This is worked out in practice. There is no function of a Methodist minister, with the exception of ordination, which cannot be exercised by a duly authorised layman. This does not lead to undisciplined chaos, for Methodism has a well regulated system in which authority rests ultimately in the hands of Conference; but it differs radically from the Anglo-Catholic concept of a sacrificing priesthood. The doctrine of the priesthood of all believers will have to be critically examined by both parties before any real progress can be made.

There are other differences of moment but these are usually related to the doctrine of the ministry. My theology of the Sacraments — and it is not Zwinglian — differs from that of my local Anglican colleague, but not from that of many lower Anglicans. However, intercommunion exists between Anglicans of differing views but not between Methodists and Anglicans with the same views. The real bar to fellowship is our disagreement on church order — and this, be it said, is only a bar from the Anglican side. If agreement were reached on the doctrine of the ministry, intercommunion would no longer be a distant goal.

**The above catalogue is not exhaustive, but it is sufficient to show that the path to union is long and hard. But it is not impassable. Our agreements are even greater than our differences, and if we jettison our prejudice and pride and make a real effort to understand each other and the Word of God, those differences will be resolved.**

*) Dr. Cragg is at present minister in the Johannesburg Central Circuit of the Methodist Church.

**Pro Veritate**

Verskyn die 15de van elke maand.

**Korrespondensie en Administrasie:**
Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Posbus 487, Johannesburg.
P.O. Box 487, Johannesburg.

**Redaksie:**
Dr. P. G. Geertsema,
Prof. dr. J. C. G. Kotzé,
Ds. E. E. Mahabane,
R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms en
ds. J. W. Wessels.

**Eindredakteur:**
Ds. C. F. B. Naudé.

**Intekengeld:**
Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesiës en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar.
Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

**Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate" (Edms.) Beperk.**

PRO VERITATE

*EDITORIAL*

## The Churches answer to youth's questions

Young people today who take their faith seriously are finding it increasingly difficult to face the world with an answer which adequately meets the needs and questions of our day. It appears as if the answers which the Church is trying to give to its youth are no longer relevant to the situations and problems which the rising generation have to face. Many young people also accuse the Church of a glaring discrepancy between creed and life, theory and practice, which is driving people away from church and from Christianity. To cite just one point in proof: how can anybody reconcile Christ's moving prayer for the unity of all believers with the numerous divisions and schisms within the Church?

From the group of young intellectuals comes a further indictment —in no uncertain terms — that the Church is evading its responsibility in educating its youth to take their share in building society. Many complain that the Church is fighting shy of all political and social problems of a controversial nature and is thereby creating the false impression that Christianity has no right or duty or witness in these important fields of human life.

It is impossible, without a full and comprehensive investigation, to make any authoritative pronouncement of the measure of instruction and guidance which particular churches are giving to their young people on matters relating to their daily life. But we have a surmise that very little is being done in this respect by the majority of denominations in our country. From information received from responsible youth leaders there is a serious lack of knowledge and understanding amongst our young Christians of the implications of their faith for the problems they have to face. If this is the case, we would urge upon all churches the necessity of a re-evaluation of their message and the impact it is making on the thoughts and actions of their young people to enable them to become "involved" in life. A Christianity which retreats into a personal piety with a faith divorced from life in all its aspects will not only lose its power to witness to the outside world, but it also stands in danger of losing its youth — and thereby its whole future. We plead, therefore, that the Church in South Africa in its religious instruction, should explain the relation between the Christian faith and e.g. such crucial problems as race relations, labour conditions, entertainments, the rights and responsibilities of man. If the Church fails to do this youth will naturally turn to other agencies for instruction and inspiration with the painful result that the church will be the loser. And such a loss may be irrepairable.

# Oordenking

*In die wêreld sal julle verdrukking hê. . .* Joh. 16 : 33.

*Die weg van die koning van die kerk op aarde was 'n lydensweg. Hy was verag en sy eie mense het hom nie aangeneem nie. Sy moeisame weg het geëindig in die veragtelike dood van 'n misdadiger aan die kruis. En tog — Hy is koning en die hoof van dieliggaam, die gemeente, die kerk op aarde. Daarom moet die kerk altyd weer herriner word aan die woord van Joh. 15 : 20: As hulle my vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. Die kerk van Christus is nou maar eenmaal 'n vreemdeling hier op aarde en nie van die wêreld nie.*

*Die boodskap van vermaning en oordeel oor die sonde in die lewe van die indiwidu, van die kerk self en van die maatskappy is altyd onwelkom, irriterend en dit gee aanstoot. Die sondige mens, en die samelewing, wil nie op sy sonde gewys word nie. Die boodskap van die kerk dwarsboom in menige gevalle die gang en uitvoer van die planne van die mens en roep hom om reg te maak wat verkeerd is. Hierdie boodskap wat vir die gelowige vreugde en lewe is, is vir die ongelowige wêreld 'n skandalon, 'n hindernis.*

*Daarom was daar deur die eeue nog altyd pogings om die kerk die swye op te lê. Op verskeie maniere word die pogings aangewend. In baie gevalle word die skyn van waarheid daaraan gegee. In Duitsland het die poging plaasgevind onder die dekmantel dat die kerk hom tot die hemelse dinge moet beperk en in Noord-Rhodesië word daar tydens die politieke onrus van de veertiger jare gekla dat die kerk hom op terreine begewe wat vir hom nie bedoel is nie. Die sondige wêreld wil altyd 'n weg vind om die stem van die kerk stil te maak. Volgens Openb. 11 sal die kerk teen die einde van die bedeling dan ook werklik vir 'n kort tyd die swye opgelê word. Wanneer die kerk dan moet stry vir die voorreg om te kan spreek, dan ondervind hy dat hy altyd verdrukking sal hê in die wêreld.*

*Die lyding van die kerk vloei voort uit die aard van die boodskap wat verkondig moet word. Dit is sodanig dat dit altyd reaksie uitlok, hetsy positief of negatief. As die kerk lyding verduur om ander redes, dan mag dit wees dat hy ly a.g.v. eie dwaasheid. Die geskiedenis het bewys dat dit wel die geval kan wees. Wanneer die pad van die kerk in die wêreld altyd gelyk is, dan is dit tyd dat die kerk hom verontrus. Vir die kerk is dit dan 'n gesonde operasie om van sy aansien en prestige te verloor — veral as dit vir die kerk gaan om die kerk as bepaalde instituut en nie meer om Christus, sy Hoof nie.*

*Daar moet egter teen twee gevare gewaak word: Die kerk moet nie die lyding soek soos sommige martelare en die flagellante dit in vorige eeue gesoek het nie. In wese kan die motief dan hoogmoed en eersug wees. Nee, altyd moet daar versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe opgetree word (Mt. 10 : 16). Wanneer die boodskap gebring word — ook die hinderlike boodskap — moet dit in liefde geskied en nie uit 'n twissieke gees nie. Anders kan 'n kunsmatige lyding veroorsaak word wat dan geen lyding meer is nie, maar die regmatige straf van die kerk.*

*Aan die ander kant bestaan die gevaar dat die kerk mag terugdeins vir die boodskap wat hy moet bring. Die lydensweg mag te moeilik wees, maar dis onvermydelik: In die wêreld sal julle verdrukking hê. Daarom mag die boodskap nooit hanteer word soos 'n turksvy wat ongemaklik geword het nie. Die profetiese stem moet helder weerklink op elke terrein van die lewe want as die basuin ook 'n onduidelik klank gee, wie sal klaarmaak vir die oorlog? (1 Kor. 14 : 8). Die kerk mag hom ook nie kompromiteer sodat hy nie meer met krag kan spreek nie. Dan word die boodskap afgewater. Die weg wat bewandel moet word is 'n moeisame weg deur die wêreld. Dit is die weg van 'n dienskneg. Gelukkig is daardie dienskneg wat getrou bevind word.*

*Ingestuur.*

*Redaksioneel*

## Sendingstrategie

Hoewel reeds enigsins verouderd, verskaf die bekende Tomlinsonverslag ons feite in verband met die getalsverhouding tussen Christene en nie-Christene in ons land wat ons vir geen oomblik uit die oog mag verloor nie. Dit is noodsaaklik dat ons gedurig daaraan herinner sal word dat die bevolking van Suid-Afrika uit 63.2 persent Christene teenoor 36.8 nie-Christene bestaan. Tereg word in die verslag gesê: „Hierdie 63.2 persent Christene van die Suid-Afrikaanse bevolking moet sorg vir die spoedige kerstening van die orige 36.8 persent nie-Christene. . ."

Sonder om paniekbevange te word, sal ons as Christene aan hierdie taak dringende aandag moet gee. Daar is vir die gelowige uitvoering van sendingarbeid net een werklike motief: die opdrag wat Jesus Christus aan sy Kerk gegee het om dissipels van alle nasies te maak. Ons doen geen sending om as blankes ons wit velle te red nie. Ons doen geen sending om van hierdie land 'n beter, 'n rustiger en 'n veiliger land te maak sonder meer nie. Dit gaan in alle sendingarbeid om niks anders nie as om die verheerliking van die Naam van God en die onselfsugtige verbreiding van die evangelie van Jesus Christus.

As ons dit weer as ons uitgangspunt sien, sal ons as Christen-gelowiges weer moet aangord tot die taak om die meer as 'n derde deel van ons bevolking die blye boodskap te laat hoor. Ons wil daarvoor pleit dat daar nou eens en vir altyd koördinasie in die Protestantse sendingbeplanning sal kom. Die magte van die ongeloof, in watter vorm ook al, is en word steeds hegter georganiseer. Daarteenoor kan ons slegs werklik doeltreffend optree as ons as Christene saam beplan en dan volgens hierdie beplanning die aanval loods.

Ons gebruik doelbewus die woord „aanval". Die lewe van 'n Christen is 'n stryd en as hy in die krag van sy Sender 'n oorwinning sal behaal, moet hy tenminste begin deur aan te val. Baie van ons is nog maar al te geneig om agteroor te sit en om sendingwerk as 'n stokperdjie van sekere entoesiaste te beskou. Hoe meer ons egter onder die indruk van die magtige vyande is, hoe meer ons op hoogte kom van hulle fyn beplande taktiek om die Christendom te ondermyn en die heidendom en ongeloof te laat seëvier, des te gouer sal ons na ons wapen, die Woord van God, gryp.

'n Noodtoestand vereis noodmaatreëls. Suid-Afrika verkeer in 'n geestelike noodtoestand as gevolg van die nalatigheid van baie Christene ten opsigte van hulle Godgegewe roeping om die evangelie te verbrei.

En nou moet daar beplan word vir die geestelike aanslag, stelselmatig en doelgerig. Daar moet 'n opname gemaak word van die gebiede in ons land waar die evangelie prakties nog nie weerklink het nie. Die onbesette terreine moet so gou as moontlik tussen die Protestantse Kerke en Genootskappe wat mannekragte en fondse beskikbaar het, verdeel word. Dit geld werklik nie alleen van die „blanke" kerke nie, maar ook van dié waarvan die lidmate Kleurlinge, Indiërs of Bantoes is. Ook hierdie Kerke moet in 'n steeds groter mate sendelinge uitstuur om die evangelie verder uit te dra.

Dit is nou die tyd om, veral op die onbesette terreine, so min as moontlik duplikasie van sendingwerksaamhede te hê. Ons kan dit nie meer bekostig om langs mekaar in een hoek van die braakland te werk, terwyl die res van die akker ons aandag ontglip nie.

Dit is nou die tyd vir gelowige sendingstrategie. Ons het in ons geledere die manne wat die kennis het om ons die pad te wys. Ons moet maar net byeenkom en biddend die posisie in oënskou neem. Die Here sal ons daarby deur sy Gees lei.

En as voldoende manne en geld vir die „aanval" sou ontbreek, dan moet ons wat op die „tuisfront" agterbly, weer ywerig word. Met ons gebede en met ons offers moet ons hulle wat reeds op die fronte is en hulle wat nog daarheen sal gaan, dra en steun. Wat in die toekoms lê, is vir ons verborge. Maar ons taak vir die hede is so duidelik soos daglig. Van ons sal eenmaal rekenskap gevra word omtrent ons houding teenoor die nie-Christene van ons tyd. Laat ons dan almal meer as ooit tevore saamwerk aan 'n beplande en doelgerigte sendingstrategie vir Suid-Afrika.

# Die Kerk in Afrika.

**DR. BAETA VAN GHANA KRITISEER DIE REGERING VAN GHANA.**

Die jongste vergadering van die Sentrale Komitee van die Wêreldraad van Kerke in Parys gedurende Augustus 1962 het sy diepe teleurstelling uitgespreek oor die optrede van die Regering van Ghana, wat sekere geestelikes uit die land verban het, omdat hulle gewaarsku het teen die anti-Christelike praktyke in die jeugbeweging van daardie staat. Drie kerkleiers uit Afrika, insluitende dr. C. Baeta van die Presbiteriaanse Kerk van Ghana, het sterk standpunt ingeneem en die optrede van die regering veroordeel.

Dr. Baeta het vertel van die verenigde optrede van die kerke daar wat briewe aan die regering van Ghana gerig het. Die besluit wat deur die Sentrale Komitee geneem is beklemtoon die reg en plig van die godsdienstige lewe. Die kerke in Ghana is deur die Sentrale Komitee van die Wêreldraad verseker van voorbidding in diens om hul land op te bou.

Dat die regering van Ghana hierdie kritiek uit eie geledere met erns bejeën het, lei geen twyfel nie, want die verbanne biskop se uitsettingsbevel is herroep, en hy is weer terug in Ghana.

Prof. Th. C. Vriezen *)

# Indrukken Stutterheim, Dec.-Jan.

**Drie weken zijn voorbij — voorbijgevlogen; de laatste weken zijn wij ingegaan met een gevoel van spijt dat het al zover is. Want dit betekent dat wij binnenkort moeten opbreken, afscheid nemen van diegenen die wij hier mochten ontmoeten en van alles wat hier tezamen werd beleefd. — De eerste dagen kon men denken dat vier weken een heel lange tijd is, misschien te lang voor een studieconferentie, maar nu weten wij, dat ze als een ogenblik kunnen voorbijgaan.**

**Wat het geweest is, dat deze conferentie tot zo iets moois gemaakt heeft kan ik niet goed definiëren; 'k zou bijna willen spreken van de geest van Stutterheim, als ik niet een beetje bevreesd geworden was om in Afrika het woord „geest" uit te spreken en daarmee allerlei associaties op te roepen. In elk geval ben ik mij ervan bewust een bijzonder feestelijke tijd mee te mogen maken — een tijd van flink aanpakken en toch van echte geestelijke ontspanning, van verdieping van inzicht en tegelijk van veel vreugde. Ik verwacht dat deze indruk mij lang bij zal blijven en dat ik haar als een kostbaar geschenk uit Zuid-Afrika mee zal nemen naar Nederland.**

'k Geloof ook dat velen die hier zijn, het mij zo ongeveer na zouden willen zeggen. De goede sfeer die hier heerste is zeker niet alleen (zij het ook wel ten dele) te danken aan de prachtige omgeving van het mooie Forest Sanctuary en zijn bloemen, de bossen en bergen van Stutterheim met hun watervallen, uitzichten en wandelwegen, maar het meest aan de beleving van een echte gemeenschap met een aantal mensen van verschillende achtergrond, afkomst, aanleg, kerk en volk. Van sommigen stond de wieg in Finland, van de meesten daar ergens tussen in; ruw geschat was zo een derde van de deelnemers Europeaan, een derde Afrikaander en weer een derde Afrikaan; ze behoorden tot de Lutherse, Gereformeerde, Anglicaanse, Moravische, Baptistische of andere groepen en kerken.

**Dat er onder dezen zo verschillende mensen zulk een hartelijke geestesgemeenschap kon ontstaan, was zeker allereerst te danken aan het feit dat allen zich verbonden wisten aan hetzelfde werk, n.l. dat van de opleiding van predikanten bij verschillende zendingskerken. De medewerkende kerken en instituten hadden terecht begrepen dat hier een unieke gelegenheid was geschapen om elkander te leren kennen, van elkaar te leren, en met elkaar in overleg te treden over het eigen en tegelijk gemeenschappelijke werk; en de deelnemers, komende uit die instituten en kerken, hebben deze kansen ten volle uitgebuit; ze hebben samen hard gewerkt — als een conferentie binnen de conferentie — om zo het grote doel van de T.E.F. (de verdediging en verbetering van het Theologische Hoger Onderwijs) te dienen.**

Deze gemeenschappelijke achtergrond gaf het gevoel van verbondenheid en collegialiteit, die allereerst nodig is om een gemeenschap te vormen. Toch moet ik daaraan iets toevoegen, om niet een verkeerde indruk te wekken: de deelnemers waren hier niet in de eerste plaats aanwezig in hun kwaliteit als docenten; maar als gewone mensen die samen wilden studeren, overleggen, gewoon wilden praten en wat vakantie houden. Ze waren er helemaal niet als docenten maar weer als studenten — en 'k moet zeggen, dat ze deze nieuwe oude rol uitstekend hebben gespeeld. Voor de meesten was het de vakantietijd die zij na een jaar van hard werken heel erg nodig hadden, om tot rust, tot zichzelf en tot studie te komen. In hoeverre het inderdaad gelukt is, deze idealen te verwezenlijken, kan ik niet met zekerheid beoordelen. Ik dacht dat er behoorlijk wat van studie, wat minder van rust en nog het minste van het tot zich zelf komen is terechtgekomen. — Maar geen enkele vakantie zal in dit opzicht ideaal zijn, denk ik. En in plaats van het tot zich zelf komen, was er het andere, het komen tot elkaar.

**Dat heeft deze conferentie ten volle opgeleverd; het heeft mensen van verschillende kerken en rassen tot een homogene groep gemaakt, die alle verschillen in opleiding, kerkelijke afkomst en kleur deed vergeten. En de vreugde die de conferentie bereidde aan de deelnemers zal wel in hoofdzaak te danken zijn aan de grote openheid in de omgang van de verschillende deelnemers, die voor het grootste deel als vreemden voor elkaar kwamen en als vrienden straks gaan scheiden. Hetgeen nu niet zeggen wil dat alle verschillen werden opgeheven; de kerkelijke hebben zich ter dege laten voelen, o.a. in het feit van het niet gezamenlijk kunnen gebruiken van het Heilig Avondmaal; maar ze waren geen reden tot verwijlen en verwijdering, maar eer een aansporing om te trachten elkaar in de ervaring van het Christelijke geloof beter te leren kennen. Zo werden ook wel eens spanningen voelbaar tussen de verschillende Zuid-Afrikaanse groepen, maar deze beletten de eenheid niet; doordat ze tot uitdrukking kwamen konden ze worden opgelost en kon de werkelijke gemeenschap in Christus worden bewaard en ervaren.**

Tot het ontstaan van de echte ongedwongen eenheid van mens en Christen heeft wellicht het meest van alles bijgedragen de geregelde kerkdienst, 's morgens en 's avonds in het kleine, eenvoudige, maar allen dierbaar geworden Anglicaanse kapelletje — waar mensen van verschillende kerken en kleuren, om beurten en ook gezamenlijk de diensten leidden; en de deelnemers steeds opnieuw in de boodschap van het Evangelie, in het leven in Gods Koninkrijk werden betrokken.

De Bijbelstudie, om de dag gewijd aan het Oude en Nieuwe Testament, werden bijzonder vruchtbaar door de discussies die daaruit voortkwamen. Allerlei theologische en praktische problemen uit het leven der Kerk werden erdoor opgeworpen en werden onderwerpen van discussie in rondabels en in volledige zittingen.

De eerste week van de conferentie vormde 'n goede inzet; 't was een week van hard werken en vruchtbare samensprekingen, die de deelnemers het besef van hun gemeenschappelijke taak deed beseffen. Het zal niemand van de aanwezigen verwonderen, dat ik hierbij twee namen noem, aan wie ik meen dat de gelukkige inzet in het bijzonder te danken is, n.l. professor W. J. van der Merwe te Stellenbosch, en die van Reverend A. Stubbs C.R. van Johannesburg, die beiden, ieder volgens het hun gegeven charisma, de conferentie hebben gemaakt tot een zendings- en studiegemeenschap.

Nu we toch met namen noemen begonnen zijn, mogen een paar andere niet ontbreken — n.l. die van de heer F. J. van Wijk, die de organisatorische leiding op zich heeft genomen en dit met een ongeëvenaard gemak volbracht, de man die overal tegelijk scheen te zijn, ieder persoonlijk kon helpen en tegelijkertijd het geheel bleef overzien, en professor A. Geyser die door zijn amptelijke werkzaamheid en zijn persoonlijkheid — en achter de schermen door zijn chairmansfunctie — mede de sfeer heeft geschapen, die de groep behoefde en kenmerkte.

Hoog bezoek kregen wij van Professor Gensichen uit Heidelberg in Duitsland, de vice-voorzitter van de T.E.F., wiens sportieve optreden een enorm succes was. **Hij maakte geweldig school doordat plotseling bleek dat vele eerwaarde en zeereerwaarde en hoogeerwaarde heren shorts bij zich bleken te hebben en de wandel-, tennis-, zwemsport bleken te beoefenen. Terwijl in het eerste deel der conferentie de studie, de discussie en de meeting meer op de voorgrond kwam te staan, kwam in het tweede de ontspanning meer aan haar trekken.**

Ander hoog bezoek kwam uit Genève toen de zo bekwame en sympathieke professor Matthews op het toneel verscheen en o.a. een verslag gaf van het Afrikaanse onderwijscongres in Salisbury.

Maar we houden op, we zouden graag ieder van de deelnemers aan u voorstellen, ieder van de mannen en vrouwen (er waren twee regulier vrouwelijke deelnemers) die door hun persoon, **belangstelling, discussiebijdrage, hun gebed op prediking, gesprekken aan tafel, hun lach of een vriendelijk woord hebben geholpen deze gemeenschap op te bouwen en tot een vriendenkring wisten te maken.**

**Mijn eerste bezoek aan Zuid-Afrika is door vele dingen, maar vooral door de ervaringen in Stutterheim een bijzonder mooie tijd geweest. Ik neem prachtige herinneringen aan land en volk mee naar Holland; hoopvolle gedachten, vooral gewekt door de geest van Stutterheim, waar Forest Sanctuary een Christelijk „healingcentre" is. De geest die de conferentie daar beheerste, moge in de kerken van Zuid-Afrika doorwerken en tot zegen zijn voor kerk en maatschappij.**

* Prof. Vriezen is professor in Ou-Testamentiese Teologie aan die Universiteit van Utrecht, Nederland.

**An inter-denominational course for the lecturers of the South African Theological Seminaries and schools was held at Forest Sanctuary, Stutterheim from the 29th December, 1962, till the 24th January, 1963.**

**About thirty-five professors and lecturers from nineteen seminaries and institutions took part.**

**The course was conducted by two well-known Theologians, prof. Th. C. Vriezen of the Netherlands and prof. Otto Piper of Princeton, U.S.A., and was made possible by the Theological Education Fund — a fund established to help with the training of indigenous ministers in Africa, Asia and Latin America. An evaluation of the course is given here by the two lecturers. In our next issue the views of participants will be published.**

# The Stutterheim Theological Staff-Institute.

Prof. Otto A. Piper*)

**We gathered at Stutterheim to study theology. But the Holy Spirit has his own ways and he used the Institute as a stepping stone for an ecumenical event. Of course, that is what we should have expected all the time, for God's Spirit is never idle. That scholars should accept an invitation of the Theological Education Fund in New York to assemble for four weeks at the T.E.F.'s expense and refresh their theological knowledge under expert leadership is not to be wondered at. But one cannot live and work and relax together for several weeks, and gather together twice a day in common worship led by members of divers denominations, without feeling the effects. We realized that notwithstanding considerable theological and ecclesiastical disagreements, all participants had a common spiritual substance and a common spiritual aspiration.**

### *Basic Unity of Group*

This was the first time in South African history that members of so many different denominations had come together and discovered their agreement on many issues and practical problems. The result was the more remarkable, since those assembled were theological teachers, who would not lightly sacrifice essential features of their denominational heritage. There can be no doubt either that the common missionary outlook and the frank discussion of the special problems encountered in South Africa contributed greatly to bringing out the basic unity of the group. It was clear to all present that our task is to offer the GOSPEL OF JESUS CHRIST to the millions who had not yet heard it, rather than to perpetuate our European or American denominations. This distinction is particularly noteworthy, because the missionary is unable completely to dissociate himself from the tradition of his own denomination. But at the Institute the representatives of other denominations were encountered not only as people engaged in the same studies, but also as brothers in Christ united with each other in devotions and worship. This fact made it increasingly clear that the main objective of the mission-enterprise must be the presentation of the divine actions and gifts rather than the way we think of them and the manner in which our belief in them becomes articulate in ethics and Church life. The growing understanding of the missionary objective was especially fostered by the regular celebration of the Anglican Matins and Evensong, through which all participants were impressively reminded of the rich devotional heritage of the Church. The strictly liturgical character of the daily worship helped other denominations to realize that in our participation in common devotions, the thing that matters is the spiritual blessing we receive thereby rather than the personal feelings which we contribute.

### *Biblical Theology as Starting Point*

Of great help was also the fact that the Directors of the Theological Education Fund had decided that of the four successive institutes, which are to be held between 1962 and 1965 more or less simultaneously in four different centres of Africa, the first one was to be devoted to Biblical Theology. Had we started with social problems or anthropology, basic divergencies of missionary policy and cultural differences would probably have sprung up. The mere fact that more than one-third of the participants were Africans and Coloured should make us expect great diversity of perspective in these matters.

**The common Bible study, continued for the whole duration of the Institute, on the other hand, was a helpful reminder that in our missionary work we are not our own masters but stand under orders given by the Lord of the Church, and that the foundation of our work is not of our own choosing but**

● To page 5

* Dr. J. F. Stutterheim

# DIE PROTESTANTISME en die Vatikaanse Konsilie.

**Die Redaksie van PRO VERITATE het my versoek om iets te skryf oor die betekenis van die Vatikaanse Konsilie in die algemeen en wat hierdie Kerkvergadering vir ons Protestante mag beteken. Ek voldoen graag aan hierdie versoek omdat ek voel dat 'n betere kennis van wat die Rooms-Katolieke Kerk beoog met hierdie Konsilie, ook vir ons as Protestante groot betekenis kan hê, veral in sy gevolge.**

**Dat ons daarby sekerlik nie te haastig moet wees om gevolgtrekkinge te maak, wat nie verantwoord is nie, besef ek baie goed. Nogtans, dit mag vir ons ampsbroeders en ons eie kerklidmate van belang wees om kennis te kry — vir sover dit nou alreeds moontlik is — van die ontwikkeling binne die Rooms-Katolieke Kerk en haar eie probleme.**

## *Waarnemers uit andere Kerke*

As mens my vra, wat my persoonlik die meeste getref het uit die persverslae is dit wel in die eerste plek die teenwoordigheid van waarnemers van ander kerke op hierdie R.K. kerkvergadering. Yves Congar, die bekende R. K. teoloog, van die sg. „nuwe teologie", skryf in een van sy verslae: „die trane het in my oë gekom, toe ek hulle daar sien. Op hierdie plek, hierso. Hul aanwesigheid moet gevolge hê . . . alles kan hier gebeur. Die plek wat aan hulle toegewys is, is ruim en eerlik: hulle sal teenwoordig kan wees op alle sittinge, selfs op die sittinge van die werkkomitees en ander kommissies . ." Inderdaad 'n unieke gebeurtenis in die geskiedenis van die R.K. Konsilies, want dit is die eerste keer dat daar op 'n R.K. kerkvergadering 'n beperkte aantal van belangrike persone uit ander kerke as waarnemers op so 'n hartlike wyse toegelaat is. Hulle is onmiddellik deur die Pous ontvang en ook andersins het geblyk dat daar vir hulle 'n ereplek toebedeel was.

Prof. Berkouwer, die bekende gereformeerde dogmatiek-professor van die V.U. te Amsterdam, Nederland, een van die beste kenners van Rome, wat as 'n spesiale gas uitgenooi was, het verklaar dat hy persoonlik juis op hierdie oomblikke die diepte en die tragiek van die geskeidenheid van die kerk van Rome, meer as ooit gevoel het. En ook die onmoontlikheid, menslikerwys gesproke, dat die breuk tussen die Christene, ooit weer herstel sal word.

## *Geen eenheid moontlik maar wel 'n gesprek.*

**Dat van 'n herstel van die eenheid van alle Christene nog geen sprake kan wees nie, het al baie gou duidelik geword, maar die moontlikheid tot die gesprek tussen Rome en die ander kerke het groot vergesigte oopgemaak. Dr. Visser 't Hooft, die Algemene Sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, druk dit as volg uit: „Die uitnodiging aan die nie R.K. kerke om waarnemers te stuur, is 'n verheugende verskynsel. Hulle is daar teenwoordig as swygende getuies van die feit, dat daar iets is wat groter is as die R.K. kerk, namelik die Una Sancta. Daar kan mos maar een kerk van Christus wees".**

Dit is nuttig om in hierdie verband te wys op die waarlik Christelike rede waarmee die Pous die Konsilie geopen het. Die optimistiese toon, die warme bewoording, die erkenning deur die Pous self, dat die geloofswaarhede in die lig van die moderne ondersoekinge en in die taal van ons huidige denke opnuut vasgelê en nagespeur moet word, wys alles in die rigting van 'n beter onderlinge verstandhouding tussen die R.K. kerk en die nie-R.K. kerke. Die Pous het o.a. gesê: „Die kerk het die dwaling gedurig bestry. Dikwels het sy hom skerp veroordeel. Tans egter maak die Bruid van Christus liewer gebruik van die middele van barmhartigheid as van dié van strengheid. Sy wil die node van ons huidige wêreld tegemoet kom deur te wys op die deugdelikheid van haar leer, en nie soseer deur veroordelinge uit te spreek nie".

## *Selfstandige siening van vergadering*

'n Tweede punt wat my getref het is die volgende: Alreeds onmiddellik by die begin van die eerste sitting op 13 Oktober, het daar 'n opmerklike ding gebeur, opmerklik omdat hieruit geblyk het dat die Konsilievaders nie gewillig was om hulle sonder meer te skik in die leiding van die Vatikaanse Bestuursapparaat, die Kurie, nie. Toe op die dag gestem moes word oor 160 lede van die verskillende Konsiliekommissies, het die Franse kardinaal Liénart, hierin kragtig ondersteun deur die aartsbiskop van Keulen, kardinaal Frings, om meer tyd gevra vir die onderlinge beraad van die biskoppe. Die vergadering wou nie sonder meer hul eie oordeel prys gee vir die leiding van hoër-op (die Kurie) nie, en aangesien die Pous sy goedkeuring hieraan geheg het, kon die sekretaris van die Konsilie, Mgr. Felici, niks anders doen as om toe te gee nie.

So het dit gebeur dat verskillende mense in die kommissies gekom het, wat nie op die lys van laasgenoemde voorgekom het nie.

**Die Konsilievaders het hiermee bewys dat hulle 'n eie koers wou volg, en hierdie „eie koers" het hulle ook gegaan. Yves Congar sê hiervan: „Dit was die eerste daad van die Konsilie, die daad van 'n vergadering, wat vry oorweeg en beslis. Dit het die wil van die biskoppe gekenmerk om s e l f sake te ondersoek, te bespreek en te beslis, met vermyding van alles wat maar sou sweem na lydsaamheid en passiwiteit".**

## *Bespreking oor die Liturgie*

'n Aangeleentheid van groot belang is verder die besprekinge oor die liturgie, waarmee die Konsilie begin het. Hierdie besprekinge het eintlik neergekom op die ou stryd wat daar was en is in die R.K. kerk tussen die aanhangers van die volkstaal en die aanhangers van Latyn in die liturgiese gebruik van die kerk. Die verlange om groot en belangrike gedeeltes van die mis in die volkstaal oor te bring was baie groot, maar ook hierin is die Kurie die konserwatiewe party, wat eintlik niks daarvan wil weet nie.

Nou dat die R.K. kerk so 'n groot wêreldkerk geword het, wat haarself seker nie langer beperk tot Wes-Europa nie, het die Konsilievaders gevoel dat sy nie te hardnekkig moet vasklou aan haar „latiniteit", d.w.s. die eenvormigheid oral ter wêreld in die liturgie en die kerkreg nie. Trouens die Pous self het dit duidelik uitgespreek dat **eenheid** nie dieselfde as **eenvormigheid** is nie, 'n denkfout wat ook by ons, Protestante, nog baie dikwels gevind word. Dat sulke geluide vir die ore van die streng sentrale bestuursapparaat te Rome nie altyd aangenaam is nie, is duidelik. Nietemin kan verwag word dat dit alles sal lei tot meer soepelheid in die hoogste leiding van die kerk.

## *Verlange na Desentralisasie van Bestuur*

Hierdie verlange na desentralisasie van die bestuur van die kerk, het nog duidelik geword uit 'n derde feit van groot belang op die Konsilie, nl. die ontstaan van streekkonferensies van biskoppe.

Solank as wat die R.K. kerk as 'n strenge eenheid bestuur is vanuit Rome, in groot eenvormigheid, het hierdie verskynsel van streekkonferensies van biskoppe van eenselfde streek of land, of wêrelddeel, nog nie tot sy reg gekom nie. Feitelik het dieselfde ontwikkeling van die R.K. kerk as 'n wêreldkerk ook hierdie verskynsel noodsaaklik gemaak. Baie missieterreine het feitelik 'n eie verantwoordelikheid gekry, en die biskoppe van al hierdie verskillende terreine het mekaar vanselfsprekend gevind. Hulle is verlangend om in sekere sin eie weë te soek, en so het hulle as vanself gekom tot streekkonferensies van die biskoppe van een streek. Hierdie ontwikkeling kan tydens die Konsilie, maar veral daarná, van die grootste belang wees en dit kan vir die kerk belangrike gevolge hê, as die kontakte wat klaar gelê is, bestendig sal word in die toekoms.

Hiermee is die posisie van die wêreldepiskopaat nou verbind d.w.s. die plek van die biskop in die kerk. Daar bestaan 'n strewe op die Konsilie om ook hierdie plek minder ondergeskik te maak aan die Pous in die bestuur van die hele kerk, hoewel wesentlik met hom verbind. Daar was verder die verhouding tussen die Heilige Skrif en die Tradisie as bronne van die Openbaring, waaroor dit tot so 'n ernstige meningsverskil gekom het, tydens een van die laaste sittinge, dat die Pous self moes ingryp en hierdie onderwerp van bespreking terug moes verwys na 'n spesiale komitee waarin die leiers van die vooruitstrewende en die konserwatiewe rigtings op die Konsilie albei sitting sal hê.

## *Moontlikheid vir toekoms*

**Uit alles wat alreeds hierbo gesê is, het wel duidelik geword wat eintlik die belangrikste aspek van die eerste fase van die kerkvergadering is. Dit stimuleer allerlei ontwikkelinge wat op normale wyse baie stadiger sou gekom het. Die Konsilie is om so te sê 'n „stroomversnelling" in die ontwikkeling van die kerk. Dit wil vir ons sê dat, al hoor mens voorlopig nog maar min van tasbare resultate, daar nogtans aanleiding is om die gebeurtenisse ook in die toekoms met oplettendheid te volg. Dit is volgens my mening selfs ons vernaamste taak, en daar is alle rede om met groot belangstelling toe te sien op wat daar in Rome hom sal gaan ontwikkel. Dat by hierdie R. K. kerkvergadering ook mense van buitekant hierdie kerk toegelaat is, verskaf die moontlikheid tot 'n beter verstandhouding en wedersydse verstaan.**

Na die Reformasie en die Konsilie van Trente albei in die 16e eeu, het nou die tyd gekom om aan albei kante die hand in eie boesem te steek en ons af te vra wat aan albei kante van die skeidslyn gedoen kan en moet word om die skeiding, nee, nie uit te wis nie, maar om dit minder hatelik en skerp te maak. Dit kan nou nog nie gaan om eenwording nie, het prof. Haarsma, een van die leiers van die Nederlandse Informasiesentrum in Rome gesê, — daarvoor is die tyd nog nie daar nie. Dit gaan voorlopig slegs om die eerste stap tot die vervulling van voorwaardes, wat vereis word, om selfs oor eenwording te gaan **spreek**. Wat eeue lank van mekaar weg gegroei het, kan nie in 'n paar jaar weer saamgroei nie. Maar daar kan wel die gesprek met mekaar kom. En dit is 'n groot stap vorentoe.

Wat ons almal kan en moet doen is, om in geloof en vertroue voort te gaan met die werk waartoe in hierdie eeu die Heer van die kerk ons almal roep, die werk wat ingesluit is in die innige gebed wat die atmosfeer sal skep, waarin alle waarlik ekumeniese arbeid asem kan haal: „dat almal een mag wees . . ."

* *Dr. J. F. Stutterheim is predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en doen diens in die gemeente van Benoni.*

---

**STUTTERHEIM**

● From page 4

**has been laid by God himself. Naturally enough there were differences of exegesis and diversities of evaluation of the scholarly work done in the Biblical field. But it was recognized that they did not shake the authority of the Bible.**

Two areas of necessary change were discovered in the course of the Stutterheim Institute, namely the need for a radical re-orientation of systematic theology, and a deepened understanding of the work of the Holy Spirit. In the past systematic theology was simply the methodical way by which the Church expressed her faith irrespective of the rest of the world. As a result our theology reflects in a rather parochial way the problems of the European intellectuals. Theologians can debate them indefinitely; but they have not the slightest bearing on the situation that confronts us on the African mission field. Slight modifications alone will not do; it will probably be necessary to make an entirely new start by confronting the Biblical message with the spiritual problems of the African world. The outcome is not likely to be an African system of thought rivalling with the European one, but rather a new and independent kind of devotion and worship.

No justice can be done to the belief Africans hold in the central rôle of spirits, as long as we adopt a purely negative attitude of condemnation. African Christians rightly remind us that the great churches of the West have failed to proclaim the Biblical message of the power of the Holy Spirit as he works in the Church and in the believer's life. We have become afraid of the Spirit fearing lest He should upset our theological systems and the ordered routine of our Church life. Would it not be more in keeping with our faith to expect the Spirit Himself eventually to purge the element of human errors and irregularities. Instead of quenching Him we should give Him free reign. The result might startle us but it would hardly be incompatible with His work in the past.

* *Dr. Otto Piper was until recently Professor of New Testament Literature and Exegesis at Princeton Theological Seminary, Princeton, New Jersey, U.S.A.*

# Kerk en Wêreld

● Ds. A. J. van Wyk

## III. VEREENSELWIGING MET DIE ALGEMENE KERK

***Die gebed van Jesus Christus vir die eenheid van die Kerk deur die eeue (Joh. 17 : 21-22), het in ons tyd nuwe betekenis gekry. Die groter-wordende eise van die sending, die eenheidstrewe van sommige nie-Christelike bewegings, en die intieme aanraking van volkere wat eenmaal ver van mekaar verwyderd was, het opnuut die klem op die verskeidenheid, en in sommige gevalle op die tragiese verskeurdheid, van die Kerk gelê.***

Nou is dit waar dat die kerk reeds 'n geestelike eenheid vorm, en dié eenheid is nie afhanklik van menslike pogings nie. Almal wat in Christus Jesus glo, is reeds een deur hul gebondenheid aan Hom. Die oomblik wanneer ons Hom aanneem, word ons deel van sy onsigbare liggaam op aarde, en het ons eenheid met alle ware gelowiges 'n voldonge feit geword.

### *Openbaring van Eenheid*

Maar die Geesbewerkte eenheid moet in hierdie gebroke werklikheid geopenbaar word. Ons is een — en ter wille van die sendingaksie van die kerk (Joh. 17 : 21, 23) en in gehoorsaamheid aan sy opdrag (Gal. 3 : 26, 28, Ef. 2 : 17—22) moet ons strewe (so vermaan die Skrif ons in Efes. 4 : 3) om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

Daar is veel verskil oor die vraag in hoe ver die institutêre kerk 'n eenheid moet openbaar. Gereformeerdes kan nie saamstem dat 'n gedwonge eenheid van alle kerkgenootskappe die eenheid in vrede sal bevorder nie. Dit kan soms nodig word om afsonderlike kerkgenootskappe te stig en in stand te hou. Daar is een prinsipiële en twee praktiese redes vir sodanige institutêre verskeidenheid:

### *Institutêre Verskeidenheid*

Die prinsipiële grond is 'n geloofsoortuiging. Wanneer 'n kerk die suiwere verkondiging van die Woord vaarwel gesê het en hierdie suiwere verkondiging en uitlewing verhinder, moet ter wille van die gewete en die eer van God 'n nuwe kerkformasie tot stand kom. 'n Voorbeeld hiervan in die geskiedenis is die stigting van die Protestantse Kerkgenootskappe tydens die Hervorming.

Daar is verder twee praktiese gronde vir afskeiding: die geografiese, wanneer konsiderasies van afstand in ag geneem word (so is die Ned. Geref. Kerk in ons vaderland van die kerk in Nederland afgestig); en die kulturele, wanneer dit vir die lidmate op grond van kulturele of taal verskille beter is as om saam met ander gelowiges van dieselfde taal- en kultuurragtergrond 'n kerkformasie te vorm. Dit is die rede vir die ontstaan van sg. inheemse kerke. 'n Kerk groei nooit uit die kultuurbodem van 'n volk nie, maar word deur God gestig; maar dit wortel in die kultuurbodem van 'n volk tot so 'n mate dat dit nooit daaruit losgeruk kan word nie.

**Hierdie praktiese redes mag egter nooit meebring dat 'n kerk eksklusief mag word en sy eredienste mag sluit vir gelowiges uit 'n ander kultuurgroep nie. Hoeseer 'n ordereëling nodig mag wees om die goeie orde in die kerk te handhaaf (1 Kor. 14 : 40) mag die praktiese reëling nooit as 'n beginsel beskou word en onbeperk voortgaan nie. Nog minder mag dit meebring dat daar nie op die hoogste vlak in die kerk as instituut samesprekings en waar moontlik gesamentlike optrede sal wees nie. Want oor die eis van Gods Woord kan daar geen twyfel ontstaan nie: die eenheid in Christus m o e t geopenbaar word.**

### *Eenheid by Kerk as Organisme*

Wanneer ons egter tot die openbaring van die eenheid by die kerk as organisme kom, staan die saak heel anders. Ons het reeds daarop gewys dat die Bybel 'n vereenselwiging van die kerk met die wêreld beveel ten einde die wêreld te red van die gevolge van sy ongehoorsaamheid. Veelmeer moet die gelowige hom vereenselwig met die res van die kerk van Christus. Uit die aard van die saak sal hierdie vereenselwiging die maklikste en diepste wees teenoor die „huisgenote van die geloof", die lidmate van dieselfde gemeente en kerkgenootskap. Maar dit eindig nie daar nie. Ons moet ook die laste van alle gelowiges dra.

Net soos die vereenselwiging met die wêreld geen instemming met die sonde of verkeerde opvattinge beteken nie, net so bring die vereenselwiging met die res van die kerk nie 'n sosiale eenwording, of 'n goedkeuring van 'n verkeerde teologiese opvatting, of 'n toegee aan sondige gebruike, of 'n verwatering van beginsels mee nie. Immers, ons leef in 'n gebroke werklikheid, en moet gedurig die geeste op die proef stel, of hulle uit God is.

**Maar dit beteken dat ons juis deur vereenselwiging met die swakker broeder, deur sy laste op ons skouers te neem, deur kennis te dra van sy opvattinge en probleme, hom kan help om die volle lewe in Christus te vind. En terwyl ons hom help, sal ons vind dat ons geestelik verryk en gesterk word, want geen gelowige en geen kerkgenootskap besit die volle en finale waarheid nie.**

### *Gesprek, aanbidding, aksie*

Hierdie vereenselwiging veronderstel drie dinge: samespreking, gesamentlike aanbidding waar moontlik en wenslik, en gesamentlike aksie. Die Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk het dan ook in 1961 'n besluit in dier voege geneem: „Hierdie vergadering het met instemming kennis geneem van die pogings in etlike gemeentes van ons kerk om nouer kontak tussen leraars, kerkrade, gemeentes en kerklike organisasies van ons moeder- en sendingkerke te bewerkstellig. Die Sinode wil dan ook alle gemeentes van ons kerk aanmoedig om, met die nodige versigtigheid en Christelike liefde weë te soek waarlangs ons as Christene en lidmate met dieselfde belydenis mekaar beter kan leer ken, beter kan leer saamwerk en beter kan leer saambid in belang van Gods Koninkryk. Die Sinode beskou hierdie saak as dringend met die oog op die steeds moeiliker wordende tye wat, volgens die Skrif, vir die Christelike Kerk in die wêreld voor die deur staan."

Die Skrif leer ons immers dat die finale teëstelling by mense dié tussen gelowiges en ongelowiges is, en nie dié tussen kerkgenootskappe nie. Daarom moet die eenheid van alle gelowige. besef en openbaar word, en moet ons ontmoeting met mense op hierdie beginsel rus. Ons eerste vraag na iemand se „geloofsbriewe", wanneer ons hom ontmoet, moet nie wees na die sosiale of kultuurgroep waartoe hy behoort nie, maar of hy 'n gelowige in Christus is. Die Christen mag nooit in die versoeking kom om die toets van die massamens, van die wêreld, aan te lê nie. Die wêreld vra allereers aan watter natuurlike groep of kring iemand behoort; die gelowige of iemand 'n broeder in Christus is.

So sal ons die Godgegewe eenheid van die heilige, algemene Christelike Kerk openbaar en —

„same een van sin en hart —
delend in mekaar se vreugde,
delend in mekaar se smart" —

die Koninkryk van God laat kom.

● *word vervolg*

## Kleurlingleraar oor Liberalisme.

Geagte Redaksie,

Ek wil graag langs hierdie weg aan dr. André Hugo baie dankie sê, dat hy vir ons onder die hoof: **Liberalisme: Begrip en Wanbegrip,** dinge geskrywe het wat baie van ons Kleurlinge lankal gevoel het. Ons het dikwels ondermekaar oor hierdie dinge gepraat. Maar u het dit vir ons baie duideliker en skerper omlyn. U het dit vir ons meer „af" gesê.

U sê o.a.: „Het ons enige belangstelling getoon vir die gevoelens van ons gekleurde lidmate wat die voorwerpe was — en nog daagliks is — van die tallose wette wat deur ons vir hulle gemaak word ..." Dis dieselfde vraag wat ons al die jare stel, maar waarop ons nie 'n afdoende antwoord kan kry nie ... U sê verder: „het ons as kerk daarby stil gestaan, en ag geslaan op hulle uitinge? Alleen wanneer ons dit wél gedoen het, en voortdurend gedoen het, kan ons enige reg hê om ander kerke te beskuldig van 'n misplaaste of oordrewe belangstelling in die lot van die nie-blanke", Dr., hierdie woorde het u uit die hart van die Kleurling neergeskrywe. Dit wil my voorkom asof ons kerk se getuienis al langsamerhand één word van verdediging, terwyl die nie-blanke lidmaat wil luister na 'n positiewe getuienis.

Ek wil hê u moet my reg verstaan: ons is bewus van baie blankes wat ongelukkig en besorgd voel oor die heersende toestande, maar dis meestal 'n stemmelose medelye. As daar 'n klompie individuele kerkmanne met 'n „Vertraagde Aksie" hul getuienis lewer, dan antwoord 'n groter groep met 'n „Grense": Verdedig, verdedig, altyd op die verdediging, alles en nog wat. Word hierdie verdediging nie ten oorvloede toe deur die owerheid met alles tot sy beskikking, waargeneem nie?

Dr. Hugo, my probleem i.v.m. hierdie hele aangeleentheid is die nuwe teorie (of is dit 'n leerstelling). Nl.: Die kerk moet tog so versigtig wees om nie die owerheid in die verleentheid te bring nie. Maar sover as my bietjie kennis strek, is dit geen wederkerige teorie nie, ek het dit nog nooit van die owerheid se kant gehoor nie, of het u? Is dit nie daarom dat ons kerk — u kerk en my kerk — met die owerheid vereenselwig word nie? Is dit nie oorsaak dat die koninkryk van die Here soveel skade berokken word nie? Om maar een geval te noem: Hoe gaan dit met die arbeid onder die Bantoe in die Westelike Provinsie?

Ek wil ook sê dankie dat u vir ons effens ingelig het oor die ware betekenis van die begrip Liberalisme en dat ons graag gerieflikheidshalwe die goeie betekenis vergeet. Die begrip het feitlik 'n sinoniem geword van kommunisme; niks anders as 'n skelwoord nie.

Nee, dr. Hugo, u het reg dis nie meer so maklik om lidmaatskap van die N.G. Sendingkerk te bely nie. Maar dis nie die ergste nie, die swaarste is dat hy die stryd moet voer sonder die daadwerklike steun van sy moeder. Hy kan bv. nie vir die kritikus sê: „Ja, maar só en só het my moeder haar oor hierdie of daardie saak uitgespreek, laat die staat maar dit of dát gedoen of gesê het, dit is my moeder se standpunt, en meer kan geen mens van haar verwag nie. Sy maak nie wette nie, sy skryf hulle selfs nie voor nie, sy toets hulle slegs in die lig van die Skrif".

Na my beskeie mening sal die gesindheid van die nie-blanke baie verander as ons hom op daardie wyse kan antwoord op sy kritiek.

Ons hoor verder dikwels dat heid, die regte of die persoon van 'n ander, het jy die eerste stap gedoen in die rigting van die vernietiging van jou eie vryheid en die vernedering van jou eie persoon". Hierdie woorde het omwentelinge in die geskiedenis voor die gees geroep. Wat was die grondoorsaak van

## SIENSWYSE

ons kerk sy griewe teen sake van die dag langs ander weë onder die aandag van die staat bring. Dit is mooi, dit pas by die waardigheid van die kerk, maar dan wil én ek én die vyand weet waaroor die onderhandelinge was en wat die uitkoms was. Ek glo dat al sou my kerk vir my die beste resultate bereik het en hy vind geen weg om dit aan my bekend te maak nie, dan moet ek saam met die vyand glo daar is niks gedoen nie.

Dr. Hugo sê: „Die oomblik wanneer 'n mens geringskattend gepraat het oor die vrydie Franse omwentelinge? Die koningsfamilie, die adel, die kerk het alle voorregte, regte en vryhede geniet wat aan die volk nie gegun was nie. Daardie ontkenning van die regte en vryhede wat aan die volk, wat die ruggraat van die land vorm, was die eerste stap in die rigting van die vernietiging van hul eie regte en vryhede. Die geskiedenis herhaal hom vandag in ander lande. Uit die verdrukte klasse het manne opgekom wat die leiding sou neem wat daardie vestings met die grond sou gelyk maak,

(* Dr. C. J. Labuschagne)

# Geloof en voortbestaan volgens die Ou-Testament

**Wanneer ons oor hierdie twee sake besin, doen ons dit met die diepe besef dat ons te doen het met sake wat vir ons almal van die grootste betekenis is. En juis omdat dit sulke uiters belangrike sake is, word ons verplig om die uiterste versigtigheid aan die dag te lê in ons besinning en is ons verplig om baie noukeurig te luister na die getuienis van die Heilige Skrif ten aansien van hierdie twee bgrippe en hulle verband met mekaar. Ons hoef nie baie woorde te gebruik om die fundamentele belangrikheid van hierdie twee sake te onderstreep nie. Ek wil volstaan deur te sê: Wanneer dit om geloof gaan, dan gaan dit om 'n saak waarby die godsdienstig-gelowige mens staan en val; wanneer dit om voortbestaan gaan, dan gaan dit om 'n saak waarby geslagte, volke en nasies staan en val.**

Oor die verband tussen die twee sake moet egter baie meer gesê word. Hoort hierdie twee sake bymekaar? Indien wel, in welke verband staan hulle tot mekaar? Laat dit dadelik gesê word dat hierdie twee sake wel deeglik in 'n noue verband tot mekaar staan en dat hierdie verband nie toevallig is nie. Dit het baie noodsaaklik geword dat ons in ons tyd, wat gekenmerk word deur vaagheid van begrippe en die daarmee saamhangende verskynsel van die effektiwiteit van hulle slagspreuke, opnuut moet luister na die duidelike en ondubbelsinnige getuienis van Gods Woord oor hierdie dinge. Beide sake, geloof en voortbestaan het helaas speelballe geword van 'n gevaarlike emosionele denkproses, sodat baie mense naderhand nie meer weet wat geloof in Bybelse sin is nie.

**Wat my diep verontrus is dit: Dat die gedagte van voortbestaan soseer op die voorgrond gestel word dat mense dit as die enigste en hoogste goed gaan beskou waaraan alle ander dinge ondergeskik is, waarby die gedagte van geloof alleen maar 'n dienende funksie toegewys kry.**

As gevolg van hierdie verontrusting volg hier nou 'n besinning oor die Bybelse getuienis aangaande geloof en voortbestaan en hul verband met mekaar. Vanselfsprekend sal hierdie besinning, wat 'n teologiese besinning is, hoofsaaklik net om geloof gaan en vanuit hierdie besinning sal die begrip voortbestaan vanself aan die orde kom.

### *Die Begrip „Geloof"*

Hoewel die selfstandige naamwoord „geloof" slegs op een plek in die Afrikaanse vertaling van die O.T. voorkom (Hab. 2 : 4), wil dit nie sê dat die O.T. nie die begrip „geloof" ken nie. Aangesien die betrokke Hebreeuse woord daar deur baie eksegete vertaal word met „trou", kan ons sonder om teengespreek te word sê dat die O.T. nie 'n spesiale woord vir „geloof" het nie. Selfstandige naamwoorde wat begrippe aandui het die neiging om abstrakte dinge te word, en abstrakthede en spekulatiewe denkbeelde is iets vreemds in die O.T. Die taal van die O.T. neig in die algemeen tot die konkrete, d.w.s. dit druk begrippe uit deur dikwels by voorkeur van 'n werkwoord gebruik te maak. Dit verwonder ons dus nie dat die O.T. die uiters belangrike begrip „geloof", wat nooit, as dit iets wil bly beteken, tot 'n abstrakte of spekulatiewe begrip mag word nie, eintlik slegs uitdruk deur van 'n werkwoord gebruik te maak. Geloof in die O.T. is nie 'n vae religieuse besef nie, maar dit is iets baie konkreets, iets wat van die mens altyd aksie en daad eis. En nou moet die leser asseblief geduld hê en saam met my 'n bietjie filologiese dinkwerk doen. Die woord vir „glo", **hè 'êmin** word afgelei van dieselfde woordstam as waar ons bekende woord **amen** vandaan kom. Die werkwoord 'amen het die betekenis van „vas wees", „seker wees", „betroubaar wees", „waar wees". Wie „amen" sê, erken en beaam die volstrekte geldigheid en waarheid van wat pas gesê is. Dit is belangrik om daarop te let dat in die O.T. die „amen" altyd uitgespreek word deur die hoorder van 'n bepaalde uitspraak en nie deur die spreker nie. Mens kan dus alleen, volgens die O.T., amen sê op iets wat van buite jou af na jou toe kom. So is dit ook met geloof: mens kan alleen eers glo as die voorwerp van geloof van buite af 'n indruk op jou gemaak het. Die werkwoord **hè 'êmin**, wat die kousatiewe vorm van die werkwoord **'amen** is, wat ons in die reël met „glo" vertaal, beteken eintlik „amen laat wees", d.w.s. „vas, seker, betroubaar, waar laat wees". Wie dus glo, verklaar dat hy dit wat hy glo of die persoon waarin hy glo, vir vas, seker, betroubaar en waar hou. Geloof in God, en laat ons dadelik sê dat die O.T. slegs geloof in **God** ken, beteken dus: God as vas, seker, betroubaar en waar aanneem.

**Die woord „glo" word in die O.T. gebruik om die verhouding van die mens tot God en die houding van die mens ten opsigte van God mee uit te druk. Dit is van die grootste belang om daarop te let dat die woord „glo" nêrens in die hele O.T. gebruik word van mense se verhouding tot en houding ten opsigte van afgode nie. Dit is tiperend vir die O.T. se getuienis oor geloof dat wanneer oor geloof gepraat word, elke ander god of afgod buite die alleenware God om doodgeswyg word. Mens kan wel desnoods nog agter ander gode „aanloop" of „aanhoereer" of voor hulle „neerbuig", maar in hulle glo, nooit! In die O.T. word geloof baie streng gereserveer vir die Here, die ware God alleen.**

### *Die objek van die Geloof*

**Dit bring ons nou by die belangrike vraag na die „objek" van die geloof. Die O.T. is baie duidelik en ondubbelsinnig op hierdie punt: Die „objek" van die geloof is enkel en alleen God met dit wat van Hom uitgaan in die wêreld. De objek van geloof is nooit iets anders as God met alles wat Hy doen, spreek, beveel, onderneem of beloof nie.**

Gods dade, spreke en beloftes is nooit los van sy Wese te sien nie, daarom kan die psalmdigters praat van „glo aan Gods wonders", d.i. sy wonderdade in die geskiedenis (Ps. 78 : 32) of praat van „glo aan Gods woorde" (Ps. 106 : 12), of van „glo aan Gods gebooie" (Ps. 119 : 66) en daarom kan die O.T. selfs praat van „Moses glo" (Ex. 4 : 1 en 8) of „aan Moses glo" (Ex. 14 : 31). Die ware, deur God gestuurde profeet, wat as Gods getuie met Gods boodskap in die wêreld optree, word dus ook by die objek van die geloof ingesluit, omdat hierdie Godsgetuies nie uit hulle self optree en spreek wat hulle goeddink nie, maar deur God gestuur is as sy gesante.

**As God, met alles wat van Hom uitgaan, dan alleen die objek van die geloof is, en dit is die ondubbelsinnige getuienis van Gods Woord, moet ons met die grootste nadruk en met die gesag van die Heilige Skrif alle ander objekte van „geloof" veroordeel en verwerp. Op grond van Gods Woord verwerp ons slagspreuke soos „Glo in God, glo in jou volk, glo in jouself", en moet ons baie uitdruklik en ernstig waarsku teen enige idee van „geloof in die volksideaal", „geloof in ons voortbestaan" en „geloof in die regering", dinge wat maar al te maklik die afgelope tyd rondgeslinger word. Waar iets anders buite God om of iets anders naas God tot objek van die geloof gepromoveer word, neem God die wyk, want Hy deel sy plek met niks en met niemand anders nie. Alleen God is geloof waardig, alleen God kan „objek" van die geloof wees.**

Die oplettende leser sal merk dat ek, wanneer ek van God as die objek van die geloof praat, die woordjie „objek" tussen aanhalingstekens plaas. Dit word met opset gedoen omdat dit streng gesproke nie heeltemal korrek is om van God as die objek van die geloof te praat nie. God is oneindig veel meer as 'n „objek" waarby die mens die gelowende subjek is. Dit is nooit so dat God die passiewe „objek" is waarin die mens as die handelende, bedrywende subjek glo nie. God is enersyds veel meer as net „objek" en andersyds is die mens veel minder as handelende subjek. In sy boek „Lig uit Lig" merk Prof. van Selms op dat die werkwoord „glo" 'n sonderlinge soort van werkwoord is omdat die bedrywende vorm van die werkwoord slegs uiterlike skyn is. Taalkundig uitgedruk beteken dit dat die grammatikale subjek van die werkwoord nie dieselfde is as die logiese subjek nie. Daar is meer sulke werkwoorde, soos byvoorbeeld „vrees" en „bewonder". Is die grammatikale subjek in die bedrywende vorm „ek vrees" werklik die bedrywende subjek, die logiese subjek? Nee, dit is tog eerder so dat die objek van my vrees my oorweldig en maak dat ek vrees. **Ek is dus nie werklik die bedrywende subjek nie, maar die objek van my vrees is in werklikheid die bedrywende subjek.** Ek kan dus nie nou hier die kamer wil uitgaan met die bedoeling voor oë dat ek buite op straat wil gaan vrees

● Vervolg op bladsy 8

## *Liberalisme en die Liefdesgebod.*

Geagte Redaksie,

Ek wil dr. Hugo baie dankie sê vir sy pragtige artikel „Liberalisme, begrip en wanbegrip"; dis dergelike artikels wat ons so nodig het. Ons word oorstroom sowel deur politieke leiers as deur kerkleiers met verdagmakings van allerlei ismes, terwyl 'n goeie begryper merk, dat hulle nie weet waaroor hulle praat nie, en baie keer net napraat wat hulle van ander hoor. As 'n mens vra: Wat is nou Liberalisme?, dan word as antwoord gegee: dis mos dieselfde as Kommunisme. 'n Ander sal antwoord: alles wat Engels is. Weer ander sal sê: Wel, daar is kerkleiers wat sê dis Pro Veritate. Wat 'n verantwoording rus daar op ons predikante om hulle woorde te wik en te weeg!

Is dit party keer nie so nie, dat as 'n predikant maar beskuldigings uit teen die Liberalisme wat besig is om die kerk in te sluip, as hy verder die Afrikanerdom met die hare bysleep en dan sy preek kruie met die besondere posisie van ons nasie in hierdie land, dan is die prentjie kompleet en die predikant 'n gevierde Godsman.

Maar kan ons nie probeer om die saak van die Here se kant te sien nie? Vind Hy ons ook 'n besondere nasie? Elke mens, en in die besonder elk van sy kinders het hier op aarde 'n taak. Sy kinders het die besondere taak om Hom te dien en sy Woord te verkondig, kortliks om die liefdesgebod uit te voer. So het die Christene onder elke nasie waar ook in die wêreld dieselfde taak: verkondig die Evangelie aan alle mense. Ons hier in Suid-Afrika verkeer in 'n bevoorregte posisie omdat ons so baie geleenthede het om die Evangelie te bring aan ons naaste. In hierdie land is miljoene wat nog in duisternis rondwandel, terwyl die kerke in Europa bv. in eie land baie minder geleentheid het. As hulle sendelinge wil uitstuur dan moet hulle oorsee, terwyl ons hier in eie land velde het wat wit is en ryp om geoes te word.

Met elke volk, met elke nasie het God sy eie bedoeling en het Hy hulle geplaas op die plek waar Hy hulle wil hê. Met watter doel weet ons nie, ons kan maar net sy opdrag uitvoer. Maar wie weet het God nie 'n bepaalde volk of kultuur beskik om onder te gaan, vernietig te word. Het die bloeiende kerke van Noord-Afrika ooit gedink, dat dit hulle lot sou word? Het hulle ooit gedink dat hulle van die aarde weggevaag sou word? Tog was daar bloeiende kerke, wat 'n kerkvader soos Augustinus ('n gekleurde) opgelewer het.

Voer ons nou ook die opdrag van God uit? Sekerlik ons gee deur middel van die kollektebordjie ons gawes aan die kerk. Die kassier kan dan sy verpligtinge t.a.v. die Sinodale Sendingaanslag nakom. As kerkrade hoop ons dan maar telkens weer dat die aanslag vir die volgende jaar 'n bietjie minder mag wees, want ons het in ons kerk tog eintlik wel 'n nuwe orrel nodig, of ons wil 'n kerksaal bou, of ons het duisend ander redes. Is daar by ons die regte drang en liefde om die Woord uit te dra? Is daar dieselfde opofferingsgesindheid wat daar in die eerste tye van die kerk was? Is die sending 'n saak van ons eie hart?

Nou gaan u my teenwerp: Kyk wat ons alles vir die Bantoe gedoen het. Soveel vir skole, soveel vir hospitale, soveel vir voeding, soveel dat dit te veel is om op te noem. Dis pragtig. **Maar het ons ook die beker water gereik waaroor Christus praat?**

Wat doen ons persoonlik om die liefdegebod van Christus te volbring? Al doen ons tien keer meer vir ons naaste, maar ons doen dit sonder ons warme liefde daaragter en ons persoonlike belangstelling, dan het dit vir God geen waarde nie. Alles wat op sosiaal en ander gebied vir die Bantoe en Kleurling gedoen word, word nie in die eerste plek deur ons gedoen nie, maar deur die Owerheid. En ons is dankbaar dat die Owerheid sy taak sien en so baie doen. Wat sou egter gebeur as die Owerheid die belasting sou opstoot om in staat te wees om op groot skaal hulp te bied aan die ekonomiesewakke onderlaag van ons bevolking? Ons sou seker almal moord en brand skree oor die onregverdige heffings. Maar bewys dit nie dat ons nie met ons hart bekommer is oor ons naaste nie? Of is dit ook Liberalisme? As dit so is, dan was Paulus ook 'n Liberalis. (Lees maar 1 Kor. 13.)

Ouderling N.G. Kerk

# VAN LESERS

maar vandag maak ons hulle mos stil, die mense wat die Voorsienigheid aan dié mense gee, ons het die mag om hul mond te snoer en dan glo ons ons is veilig, maar in die geskiedenis het daardie beleid nog nooit geslaag nie. Dit is blykbaar deel van die skeppingsordonnansie dat die een mens, die een volk nooit vir ewig op die nek van 'n ander kan sit nie, dit is die gevaarlikste sitplek denkbaar — en ook die onveiligste.

Dr. Hugo, ons kerk het groot invloed in die land maar is dit al gemobiliseer ten behoewe van nie-blanke?

Kleurlingleraar.

# *Uit een....*

Ds. F. J. Botha *)

**Volgens die Heilige Skrif staan die eenheid van die menslike geslag vas. Deur die eeue het sommige persone wel langs een of ander weg probeer betoog dat die verskillende mense ook 'n afsonderlike oorsprong het. Maar hierdie pogings het altyd weer gestrand op die duidelike getuienis van die Woord van die Here.[1]) Op ewolusionistiese standpunt is daar die grootste geleentheid om 'n aparte oorsprong vir die onderskeie soorte mense te poneer maar ook hier handhaaf die geleerdes die gemeenskaplike oorsprong van alle mense.**

In Handelinge 17 : 26 lees ons: „En Hy het uit een elke mensevolk gemaak om op die hele aardbodem te woon." Die woord „gemaak" wat ook in vers 24 van dieselfde hoofstuk voorkom, wys duidelik na die skepping heen. Die **textus receptus** waarvan die Afrikaanse vertaling gemaak is, asook die sogenaamde westerse tekstipe wat in die afgelope tyd onder tekskritici in waarde toegeneem het[2]), lees dat Hy almal „uit een bloed" gemaak het. Hierdie lesing kan egter nie as die oorspronklike beskou word nie. Die uitdrukking „uit een" word ook in Romeine 9 : 10 gebruik om die gemeenskaplike oorsprong aan te dui. Die bedoeling is dat „mens" daarby gedink moet word (vgl. Rom. 5 : 12) en dan word hier aangegee dat die hele menslike geslag van Adam afstam. Ook al sou „bloed" hier die oorspronklike lesing wees, sou dit natuurlik die sin van die vers bly.[3]). Die bloed van die stamvader is die band wat die hele menslike geslag tot 'n eenheid saamsluit.[4])

Martin Dibelius het betoog dat ons in plaas van „elke mensevolk" liewer moet vertaal „die hele menslike geslag".[5]) Hierin is hy deur ander geleerdes gevolg.[6]) Dat ons in die grondteks nie die bepaalde lidwoord kry nie, is geen beswaar hierteen nie want net in die volgende uitdrukking „die hele aardbodem" ontbreek dit ook en hier kan ons sekerlik nie vertaal „elke bodem van die aarde" nie.[7]) F. W. Grosheide meen dat die woord wat in die grondteks hier as „volk" voorkom beswaarlik in die sin van „geslag" te neem is.[8]) Die woord moet egter nie gepresseer word nie. Die bedoeling is net eenvoudig „die hele mensevolk" maar omdat ons nie in die sin van volk praat nie, is dit beter om dit met „geslag" te vervang. Ons sou netsowel van „die hele mensdom" of „die hele mensheid" kon praat. Soveel verskil maak dit in elk geval nie. Die sin daarvan bly dieselfde en duidelik hoewel dit by Martin Dibelius se vertaling miskien net meer nadruk ontvang. Die vertaling van die Nederlandsche Bijbelgenootschap en van die Katholieke Bijbelstichting Sint Willibrord sluit hierby aan: „het geheele menselijke geslacht" en „heel het mensengeslacht".

**Dat die hele menslike geslag van één mens afstam, is herhaaldelik in die Jodendom deur die rabbyne benadruk.**[9]) Ook **die Stoïsynse wysgere het die eenheid van die menslike geslag geleer.**[10]) **Die Atheners was baie trots daarop dat hulle outochtoon was. Ons kry by hulle geen tradisie van die koms van hulle voorvaders na Attika nie. Hulle behoort wel tot die heel vroegste Ioniese immigrante na Griekeland teenoor die Achaiërs en die Doriërs wat later gekom het. Hiervan het hulle egter geen herinnering meer oorgehou nie. Hulle het dit so beskou dat hulle oorspronklik daar uit hulle vaderland stam. Hulle het nie hulle verwantskap met die res van die mensdom erken nie. Hulle het hulself as die meerderes van almal wat nie Grieke is nie beskou en laasgenoemdes is deur hulle as barbare bestempel. „Against such claims to racial superiority Paul asserts the unity of all men."**[11]) **"This removed all imagined justification for the belief that Greeks were innately superior to barbarians, as it removes all imagined justification for parallel beliefs today. Neither in nature nor in grace — neither in the old creation nor in the new — is there any room for ideas of racial superiority.""**[12])

Hoe die verskille tussen die mense gekom het, is vir die wetenskap om te verklaar. Die ewolusionisme wat ons nie sonder meer kan aanvaar nie, het baie gegewens navore gebring om dit begryplik te maak.[13]) Die verskille kon deur mutasie, seleksie, adaptasie, migrasie en isolasie ontstaan het.[14])

Oor die res van die vers bestaan daar ook geen eenstemmige uitleg nie. In die Afrikaanse vertaling waar daar van „nasies" in die meervoud sprake is, word sommer aanvaar dat die „tye" en „hulle woonplek" op die verskillende nasies betrekking het. „Anyone who previously had the peoples of the world in mind will think of them here also."[15]) Die gedagte is dan dat God elke volk se tydperk van bloei en agteruitgang bepaal (vgl. Dan. 8 : 10; Luk. 21 : 24) netsoos Hy ook elkeen se geografiese grense vasgestel het (vgl. Deut. 32 : 8).[16]) Teenoor hierdie historiese verklaring bied Martin Dibelius in aansluiting by sy opvatting oor die eerste versheifte 'n filosofiese. Dit gaan dan nie oor die afsonderlike nasies nie maar oor die menslike geslag as geheel. Die „tye" waarvan hier gepraat word, kan dan nie die tye in die volksbestaan wees nie maar moet soos in Hand. 14 : 17 as van die seisoene verstaan word. Wat „die grense van hulle woonplek betref, sou dit sien op die twee van die vyf gebiede waarin die aarde verdeel is wat vir menslike bewoning geskik is. Uit hierdie reëling van die seisoene en die beskikking oor die woonplek van die mens moet Paulus se hoorders tot die bestaan van die ware God besluit.[17])

**Hierdie verklaring kan ons nie aanvaar nie.**[18]) **Dit gaan hier nie oor die mense saamgevoeg in die mensheid of in volke nie maar oor hulle as individue. Die „hulle" sien nie op die woord „volk" nie maar op „mense".**[19]) **Nou word dit gewoonlik verder so verklaar asof die „tye" sien op die tye waarin die indiwidue volgens die bestel van God sou lewe en die woonplekke op die plekke van hulle verblyf op aarde. Dan kan dit verder ook op die volke betrek word omdat die volke uit mense bestaan en wat God met hulle doen, gebeur dan ook met die volke.**[20])

Beskeidenlik gee ek aan die hand dat 'n ander verklaring moontlik is. Die vers kan in verband met vers 30 verder in die hoofstuk verklaar word. Die „tye" hier het dan verband met die „tye van onkunde" waarvan daar sprake is. Wel word verskillende woorde in die grondteks vir „tye" in die twee verse gebruik maar die twee het in die verband dieselfde betekenis.[21]) Dit gaan hier oor die voorbeskikking van God[22]) en die tye wat God bepaal het, sien hier dan nie op die lewe van die indiwidu nie maar op die tye wanneer die indiwidue in onkunde lewe en die prediking van die evangelie verneem. God het die tyd bepaal waarin hulle in onkunde sal bly asook die tyd wanneer hulle die boodskap van verlossing sal hoor. God stuur sy boodskappers nou ook na die heidene. In die verband kan ons ook Handelinge 14 : 16 vergelyk: „Wat in die geslagte wat verby is, al die volke toegelaat het om op hulle weë voort te gaan". „Om dan die mense tot die geloof te bring, stuur God uit goedertierenheid verkondigers van hierdie baie blye boodskap na **wie Hy wil**". [23]) So bely ons in ons Dordtse Leerreëls I 3. Hierdie laaste woorde sou dan op die „tye" betrek kan word en die eerste op die „woonplek". God bepaal waar sy evangelie verkondig moet word. Sommige mense het op plekke gewoon waar die evangelie voorheen nie verkondig is nie. So is dit die eerste keer dat die evangelie nou in die woonplek van die inwoners van Athene verkondig word. Dit gaan hier dus oor die tyd en die plek van die evangelieprediking. Dan begryp ons ook dat Paulus kan sê dat God nou aan al die mense orals verkondig om hulle te bekeer. (Vers 30). In hierdie laaste vers gaan dit ook oor die hele menslike geslag („al die mense") soos in vers 26.

**Die hele mensdom — op die ganse aarde — is as eenheid deur God geskape met die doel dat hulle die noue gemeenskap met Hom sal soek. Die verkondiging van die evangelie aan die mense is egter afhanklik van die bepaalde tye wat ook met hulle woonplek saamhang soos deur God vasgestel. Jesus self was na die verlore skape, dit is die huis van Israel gestuur (Matth. 15 : 24) en aanvanklik het Hy sy dissipels ook daartoe beperk. (Matth. 10 : 6). Later kom die opdrag om die evangelie aan al die volke te verkondig. (Matth. 28 : 19). Die tyd het nou aangebreek en die afsonderlike woonplekke is van geen betekenis meer nie want die evangelie word nou aan al die mense orals verkondig. Voorheen het Israel in afsondering geleef ter wille van die suiwere bewaring van die openbaring. Nou het die volheid van die tyd aangebreek en is die grense uitgewis. Die evangelie gaan nou na alle plekke.**

---

[1]) Vgl. H. Bavinck, **Gereformeerde Dogmatiek**, tweede deel, 1928[4], bl. 484v.

[2]) Vgl. V. Taylor, **The text of the New Testament**, 1961, bl. 7 en 70v.

[3]) Vir sover wetenskaplik vasgestel kan word, is daar geen verskil tussen die bloed van verskillende rasse nie. Die mensdom kan wel in vier groot groepe verdeel word volgens die soort substansie wat die rooibloedselle bevat, nl. A, B, AB en O, maar ras, volk en kleur het hieraan geen deel nie. Mense van alle rasse word in elke bloedgroep gevind. 'n Persoon van een ras kan dan ook bloed aan 'n ander ras skenk — natuurlik met inagneming van die betrokke bloedgroepe.

[4]) J. Behm, **Haima**, in: G. Kittel, **Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament**, Erster Band, 1949, bl. 172.

[5]) **Studies in the Acts of the Apostles**, 1956, bl. 27v.

[6]) Bv. E. Haenchen, **Die Apostelgeschichte**, in:.. **Kritisch-Exegetischer Kommentar über das Neue Testament**, 1959[12], bl. 460v.

[7]) B. Weiss het hierdie laaste vertaling voorgestaan maar geen navolgers gehad nie. Vgl. E. Haenchen, a.w., bl. 461, voetnoot 1.

[8]) **De Handelingen der Apostelen II**, in: **Kommentaar op het Nieuwe Testament**, 1948, bl. 148, voetnoot 4.

[9]) Vgl. H. L. Strack und P. Billerbeck, **Das Evangelium nach Markus, Lukas und Johannes und die Apostelgeschichte**, 1961[3], bl. 744.

[10]) G. H. C. Macgregor, **The Acts of the Apostles**, in: **The Interpreter's Bible**, 1954, bl. 235.

[11]) F. F. Bruce, **The Acts of the Apostles**, 1952[2], bl. 337.

[12]) F. F. Bruce, **Commentary on the Book of the Acts**, in: **The New London Commentary on the New Testament**, 1956, bl. 358.

[13]) Vgl. H. Bavinck, a.w., bl. 487.

[14]) Vgl. **What is Race? Evidence from scientists**, 1952, bl. 29v.

[15]) M. Dibelius, a.w., bl. 29.

[16]) Vgl. G. H. C. Macgregor, a.w., bl. 235 en F. F. Bruce, **The Acts of the Apostles**, bl. 337.

[17]) A.w., bl. 29v.

[18]) Vgl. o.a. C. S. C. Williams, **The Acts of the Apostles**, in: **Black's New Testament Commentaries**, 1957, bl. 203v.

[19]) Vgl. F. W. Grosheide, a.w., bl. 149.

[20]) F. W. Grosheide, ibidem.

[21]) Vgl. J. Barr, **Biblical Words for Time**, in: **Studies in Biblical Theology**, 1962, bl. 42; ook van dieselfde skrywer, **The Semantics of Biblical Language**, 1962, bl. 225v.

[22]) J. H. Moulton, **A. Grammar of New Testament Greek**, vol. I, 1949[3], bl. 133 skryf: "The determination of man's home preceded his creation, in the Divine plan."

[23]) Deur my gekursiveer.

---

★ Ds. F. J. Botha is predikant van die Ned. Geref. Kerk met standplaas Townsview.

---

● Vervolg van bladsy 7

nie. Uit myself, waar ek die inisiatief neem, kan ek nie. Iets buite my om, moet eers 'n werking op my uitoefen voordat ek kan vrees. Die objek van my latere vrees moet my eers oorval en oormeester en ek moet my eers gewonne gee, dan eers kan ek vrees. Ons het presies dieselfde in die uitspraak „ek glo". Ek kan nooit glo uit myself nie, God moet eers sodanige werking op my uitoefen, Hy alleen kan maak dat ek glo. (Vgl. Licht uit Licht, bl. 10.)

In die grond van die saak is geloof dus 'n positiewe reaksie van die mens op 'n werking wat God op hom uitoefen, reaksie op Gods aksie, antwoord op sy Woord. Die inisiatief lê by God alleen, Hy lok as 't ware die geloof uit. Openbaring is die noodsaaklike voorvereiste vir geloof (vgl. Rom. 10 : 14). Wanneer God Homself openbaar, dan laat Hy Hom ken as vas, seker, betroubaar en waar. Die mens reageer hierop deur God as vas, seker, betroubaar en waar. Die mens reageer hierop deur God as vas, seker, betroubaar en waar te erken en aan te neem. Dit is niks anders as 'n amen-sê op wat God is, doen, beloof, spreek, beveel nie, 'n be-aam van wat God die mens te kenne gee. Wie in God glo, en 'n mens kan alleen net in God glo, aanvaar voortaan God alleen as die grond en rigtinggewer van sy totale bestaan en voortbestaan. Wie glo, se lewe word voortaan volkome deur God bepaal en beheers. Hy word in sy bestaan nie meer heen en weer geslinger deur een of ander noodlot nie, hy is nie meer 'n skepsel wat vasklou aan 'n stuk dryfhout op 'n kolkende watermassa nie, maar hy word 'n roeier in 'n Godgegewe skuit waarvan God die stuur in hande hou. Hy vind vastigheid, sekerheid en koersvastheid en die moontlikheid van bestaan en voortbestaan, omdat God vas en seker is en die koers van sy lewe bepaal.

(Word vervolg)

---

*) Dr. C. J. Labuschagne is dosent van Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria.

---

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oleïnlaan 11, Potchefstroom.

# BOEKBESKOUING

'n Besondere gebeurtenis. Een Preekbundel uit Twee Kerke.

'n Groot gebeurtenis het op kerklike terrein plaasgevind! So pas het daar 'n preekbundel die lig gesien uit die pen van twee skrywers waarvan die een lid van die N.G. Kerk en die ander lid van die Gereformeerde kerk is. „Vrede op aarde" noem prof. P. A. Verhoef en ds. I. D. Kruger hulle bundel van 52 vrye en feesstofpreke van 212 bladsye.

As 'n mens dink aan die tragiese verskeurdheid van die kerk in ons land, dan kan jy nie anders nie as om jou oor só 'n gebeurtenis met 'n groot blydskap te verheug.

Die publikasie bevat goeddeurdagte stof, geskryf in goeie styl, aktueel en veral stewig Skrifuurlik gefundeerd. Die preke is wel nie almal ewe sprankelend nie. Soms vind 'n mens nog 'n heeltemal te lang en vermoeiende tema en punteverdeling soos by die preek oor die huwelik op bladsy 87. Soms wil-wil dit bv. op bladsy 135 net lyk asof dit daar meer oor 'n toespraak oor „Ondersoek die Skrifte" gaan, as dat dit 'n preek oor Joh. 5 : 39 en 40 is. Andersyds word hoogtepunte bereik met skitterende werk soos bv. die aangrypende preek oor Gal. 4 : 28-31: „God maak erns met die geheim van sy Kerk". Die skrywers moet veral ook daarmee geluk gewens word dat hulle onbekende gedeeltes uit die Ou Testament met nuwe varsheid na vore bring, soos bv. die preek uit die geslagregister van 1 Kron. 2.

Ek vind dit jammer dat die liedere telkens bygevoeg is want sodoende is dit tog vir elkeen duidelik wie die bepaalde preek geskryf het: by 'n herdruk (wat ons die skrywers van harte gun) kan hulle dit miskien weglaat.

Tenslotte moet 'n woord van gelukwense die uitgewer ten goede kom: die nou reeds bekende „Evangelis", br. S. van der Spoel. Dit is met een woord 'n praguitgawe! Die titel buite op in goud, die keurige ronde rande, die foutlose setwerk binne.

Mag hierdie oulike boek baie lesers vind en sy mooi doel bereik.

(M. J.)

„VREDE OP AARDE" IS ORALS VERKRYGBAAR IN DIE BOEKHANDEL EN BY DIE UITGEWERS „DIE EVANGELIS" POSBUS 156, POTCHEFSTROOM, EN KOS PRAGTIG GEBIND IN HARDE BAND SLEGS R2.20.